

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES - AFRIKA.
OFFICIAL GAZETTE



EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Dinsdag, 23 Junie 1959

WINDHOEK

Tuesday, 23rd June, 1959

No. 2199

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

GOEWERMENSKENNISGEWING—

GOVERNMENT NOTICE—

No. 147. Ordonnansies 1959: Uitvaardiging van Ordinances, 1959: Promulgation of 481

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 147.] [23 Junie 1959.

No. 147.] [23rd June, 1959.

ORDONNANSIES, 1959: UITVAARDIGING VAN.

ORDINANCES, 1959: PROMULGATION OF.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Suidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South-West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

No.	Titel	Title	Bladsy Page
15	Noodlenigingsordonnansie op Landnedersetting 1959	Land Settlement Relief Ordinance, 1959	482
16	Ordonnansie op Spesiale Onderstand aan Boere 1959	Farmers' Special Relief Ordinance, 1959	484
17	Ordonnansie op die Noodleniging van Boere buiten Huurders ten opsigte van Rente en Delging 1959	Ordinance for Relief in Respect of Interest and Redemption to Farmers other than Lessees, 1959	492
18	Wysigingsordonnansie op Wildbeskerming 1959	Preservation of Game Amendment Ordinance, 1959	493
19	Administrasiewerknemerspensioenordonnansie 1959	Administration Employees Pension Ordinance, 1959	494
20	Wysigingsordonnansie op Vakleerlinge 1959	Apprenticeship Amendment Ordinance, 1959	502
21	Wysigingsordonnansie op Onderwys en Pensioene aan Onderwysers 1959	Education and Teachers' Pensions Amendment Ordinance, 1959	504
22	Wysigingsordonnansie op Dranklisensies 1959	Liquor Licensing Amendment Ordinance, 1959	505
23	Wysigingsordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1959	Mines, Works and Minerals Amendment Ordinance, 1959	506
24	Wysigingsordonnansie op Landnedersetting 1959	Land Settlement Amendment Ordinance, 1959	507
25	Konsolidasiewysigingsordonnansie betreffende Lisensies 1959	Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1959	507
26	Wysigingsordonnansie op Pensioene vir Onderwysers 1959	Teachers' Pension Amendment Ordinance, 1959	508
27	Wysigingsordonnansie op Naturelleservate 1959	Native Reserves Amendment Ordinance, 1959	509
28	Wysigingsordonnansie op die Omheiningsproklamasie 1959	Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1959	509

29	Wysigingsordonnansie op Hondebelasting 1959	Dog Tax Amendment Ordinance, 1959	509
30	Wysigingsordonnansie op Verenigings van Werk- gewers van Kontrak-Inboorlinge 1959	Societies of Employers of Contracted Natives Amend- ment Ordinance, 1959	510
31	Wysigingsordonnansie op die Proklamasie op die beskerming van die Diamantnywerheid 1959	Diamond Industry Protection Proclamation Amend- ment Ordinance, 1959	510
32	Munisipale Wysigingsordonnansie 1959	Municipal Ordinance Amendment Ordinance, 1959	511
33	Munisipale Verdere Wysigingsordonnansie 1959	Municipal Ordinance Further Amendment Ordinance, 1959	528
34	Ordonnansie op Dieresiektes en -parasiete 1959	Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1959	530
35	Wysigingsordonnansie op Banke 1959	Banks Amendment Ordinance, 1959	548
36	Ordonnansie op Bourekenaars 1959	Quantity Surveyors Ordinance, 1959	551
37	Wysigingsordonnansie op Paaie 1959	Roads Amendment Ordinance, 1959	554

No. 15 van 1959.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die noodleniging van
huurders en ter wysiging van die wet op landnedersetting.

(Goedgekeur 18 Junie 1959.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken).

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suid-
wes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie Ordonnansie —

- (i) beteken „hoofproklamasie” die Landnedersetting
Gekonsolideerde en Wysigingsproklamasie 1927
(Unieproklamasie 310 van 1927);
- (ii) het elke uitdrukking waaraan die hoofproklamasie
'n betekenis heg, in hierdie Ordonnansie dieselfde
betekenis.

2. (1) Nieteenstaande enige bepaling van die hoof-
proklamasie of van enige huurkontrak of ooreenkoms uit-
gereik of aangegaan ingevolge die bepalings van die ge-
noemde proklamasie, moet die Administrateur ongeag of
die betrokke huurder toegelaat is om sy opsie om die
hoeve te koop uit te oefen of nie, enige bedrae wat ten
opsigte van die onderstaande skulde op 31 Maart 1959
nog nie betaal is nie, by die koopprys van die hoeve voeg
en insluit:—

- (a) enige voorskot wat ingevolge artikel *vier-en-veer-
tig* van die hoofproklamasie aan die huurder
gemaak is, of enige restant daarvan, saam met
rente bereken tot op die voormelde datum;
- (b) enige huurgeld wat ingevolge die huurkontrak op-
eisbaar is;
- (c) enige voorskot wat ingevolge artikel *twee* van die
Wysigingsordonnansie op Landnedersetting (wei-
dingslisensiehouers) 1951 (Ordonnansie 14 van
1951) aan die huurder gemaak is, of enige restant

No. 15 of 1959.]

ORDINANCE

To provide for the grant of relief to lessees and to
amend the law relating to Land Settlement.

(Assented to 18th June, 1959.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for
the Territory of South West Africa as follows:

1. In this Ordinance:

- (i) “Principal Proclamation” means the Land Settle-
ment Consolidation and Amendment Proclamation,
1927 (Union Proclamation 310 of 1927);
- (ii) Any expression to which in the principal Procla-
mation a meaning has been assigned, bears, when
used in this Ordinance, the same meaning.

2. (1) Notwithstanding anything contained in the
principal Proclamation, or in any lease or agreement is-
sued under the provisions of the aforesaid Proclamation,
the Administrator shall, whether or not the lessee con-
cerned has been permitted to exercise his option to pur-
chase the holding, add to and include in the purchase price
of the holding, any amounts which remain unpaid on the
31st March, 1959, in respect of the following:—

- (a) any advance made to the lessee in terms of section
forty-four of the principal Proclamation, or any
balance thereof, together with interest calculated
up to the aforesaid date;
- (b) any rent due and payable under the lease;
- (c) any advance made to the lessee in terms of section
two of the Land Settlement (Grazing Licences)
Amendment Ordinance, 1951 (Ordinance 14 of

daarvan, saam met rente bereken tot op die voormelde datum;

- (d) enige bedrag aan rente op die koopprys wat voor die voormelde datum opeisbaar is;
- (e) enige voorskot wat ingevolge die Proklamasie op Hulpverlening aan Oudvrywilligers 1945 (Proklamasie 2 van 1945) aan die huurder gemaak is, of enige restant daarvan, saam met rente bereken tot op die voormelde datum;
- (f) enige uitstaande bedrae ten opsigte van voorskotte wat aan die huurder gemaak is uit gelde afgesonder vir hulpverlening aan die Angolatrekkers en hul afstammeling.

(2) As 'n huurder sy opsie om die hoewe te koop nie uitgeoefen het nie, word die huurgeld wat hy ingevolge artikel vier-en-twintig van die hoofproklamasie moet betaal, vir die onverstreke deel van sy huurtermyn bereken op die grondslag van die nuwe koopprys wat ingevolge subartikel (1) bepaal is, en is dit halfjaarliks vooruit betaalbaar maar steeds behoudens die bepalings van artikel drie:

Met dien verstande dat sodanige huurgeld bereken moet word teen vier persent per jaar ten opsigte van enige bedrag aan voorskotte gemaak ingevolge artikel vier-en-veertig van die hoofproklamasie, artikel twee van die Wysigingsordonnansie op Landnederstelling (weidingslisensiehouers) 1951 (Ordonnansie 14 van 1951), die Proklamasie op Hulpverlening aan Oudvrywilligers 1945 (Proklamasie 2 van 1945), of ten opsigte van voorskotte aan die huurder uit gelde afgesonder vir hulpverlening aan Angolatrekkers en hul afstammeling, en rente op sodanige voorskotte wat ingevolge hierdie Ordonnansie by die koopprys van die hoewe gevoeg is.

(3) Die koopprys soos bepaal ingevolge subartikel (1) moet uiterlik betaal word aan die einde van vyf-en-dertig jaar met ingang van die datum waarop die opsie om te koop uitgeoefen is.

(4) Nadat 'n voorskot ingevolge subartikel (1) by die koopprys gevoeg is, berus die eiendomsreg op die vee en hul aanteel (as daar is) of die werktuie of enigets anders wat deur of namens die huurder aangekoop of verkry is uit voorskotgelde en wat voorheen as sekerheidstelling vir sodanige voorskotte gedien het, by die huurder.

(5) Die bepalings van hierdie Ordonnansie raak geensins die voordele waarvoor die voorbehoud by subartikel (2) van artikel vier-en-twintig van die hoofproklamasie voorsiening maak nie.

3. Nieteenstaande enige bepaling van die hoofproklamasie en vir 'n tydperk van twee jaar met ingang van die eerste dag van April 1959 —

- (a) is geen huurgeld betaalbaar op enige huurkontrak wat voor die eerste dag van April 1959 ingevolge die bepalings van die hoofproklamasie aangegaan is nie;
- (b) is geen rente betaalbaar op die koopprys van enige hoewe wat voor die eerste dag van April 1959 ingevolge die bepalings van die hoofproklamasie aangekoop is nie;
- (c) word die betaling van die koopprys van 'n hoewe opgeskort, ongeag of dit ingevolge artikel twee verhoog is of nie.

4. Die bepalings van artikels twee en drie van hierdie Ordonnansie is *mutatis mutandis* van toepassing op elkeen wat 'n geregistreerde huurkontrak hou ten opsigte van 'n hoewe wat aan hom toegewys is ingevolge die „Crown Land Disposal Ordinance, 1903” van die Transvaal (Ordonnansie 57 van 1903) soos toegepas op die Gebied, en op enige voorskot wat ingevolge die regulasies uit kragte van die laasgenoemde Ordonnansie gemaak is.

5. Hierdie Ordonnansie heet die Noodlenigingsordonnansie op Landnederstelling 1959.

1951) or any balance thereof, together with interest calculated up to the aforesaid date;

- (d) any amount representing interest on the purchase price due and payable prior to the aforesaid date;
- (e) any advance made to the lessee in terms of the Ex-Volunteers Assistance Proclamation, 1945, (Proclamation 2 of 1945) or any balance thereof, together with interest calculated up to the aforesaid date;
- (f) any amounts outstanding in respect of advances made to the lessee from moneys set aside for assistance to Angola Trekkers and their descendants.

(2) If a lessee has not exercised his option to purchase the holding, the rent payable by him as provided in section *twenty-four* of the principal Proclamation shall for the remainder of the period of his lease, but subject to the provisions of section *three*, be calculated and be payable half-yearly in advance on the basis of the new purchase price determined under sub-section (1):

Provided that such rent shall be calculated at the rate of four percent per annum in respect of any amount representing advances made in terms of section *forty-four* of the principal Proclamation, section *two* of the Land Settlement (Grazing Licences) Amendment Ordinance, 1951 (Ordinance 14 of 1951), the Ex-Volunteers Assistance Proclamation, 1945 (Proclamation 2 of 1945) or advances made to the lessee from moneys set aside for assistance to Angola Trekkers and their descendants and interest on such advances which has been added under this Ordinance to the purchase price of the holding.

(3) The purchase price as determined under sub-section (1) shall be paid not later than at the end of thirty-five years reckoned from the date on which the option to purchase was exercised.

(4) Upon any advance having been added to the purchase price in terms of sub-section (1) the dominium in the stock and its progeny, if any, or the implements or other things purchased or acquired by or on behalf of the lessee from moneys advanced and which previously served as security for such advance shall vest in the lessee.

(5) The benefits provided for in the proviso to sub-section (2) of section *twenty-four* of the principal Proclamation shall not be affected by the provisions of this Ordinance.

3. Notwithstanding anything contained in the principal Proclamation and for a period of two years from the 1st day of April, 1959:

- (a) no rent shall be payable under any lease entered into under the provisions of the principal Proclamation prior to the 1st day of April, 1959;
- (b) no interest shall be payable on any purchase price of any holding purchased under the provisions of the principal Proclamation prior to the 1st day of April, 1959;
- (c) payment of the purchase price of any holding, whether or not increased in terms of section *two*, shall be suspended.

4. The provisions of sections *two* and *three* of this Ordinance shall *mutatis mutandis* apply to any person who holds a registered lease over a holding allotted to him under the Crown Land Disposal Ordinance 1903 (Transvaal) (Ordinance 57 of 1903) as applied to the Territory and any advance made in terms of the Regulations framed under the latter Ordinance.

5. This Ordinance shall be called the Land Settlement Relief Ordinance, 1959.

No. 16 van 1959.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir lenings aan bepaalde boere ter voldoening van dringende skulde, vir die leniging van nood veroorsaak deur droogte, en verbandhoudende sake.

(Goedgekeur 18 Junie 1959.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken).

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Goewerneur-generaal dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkreeë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van die „Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925) soos gewysig by artikel *sestien* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 (Wet 23 van 1949) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, VERORDEN:—

1. (1) So gou doenlik na die inwerkingtreeding van hierdie Ordonnansie benoem die Administrateur die lede van die Landbankraad, ingestel en benoem ingevolge die bepalings van artikel *drie* van die Landbank Proklamasie 1935 (Proklamasie 22 van 1935) soos gewysig, om, saam met die bestuurder van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika (hierna heet hy die bestuurder) ’n raad te vorm (hierna heet dit die raad) ten einde gevog te gee aan die bepalings van hierdie Ordonnansie.

(2) Alle uitgawes noodsaaklik aangegaan in verband met die uitvoering van hierdie Ordonnansie word bestry uit die gelde vermeld in artikel *twee*.

2. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie kan die raad uit gelde wat die Wetgewende Vergadering spesiaal daartoe bewillig het, ter voldoening van dringende skulde ’n lening toestaan aan enigiemand wat op of voor die een-en-dertigste dag van Julie 1960 daarom aansoek gedoen het, en wat, na die raad meen —

- (a) gedurende ’n tydperk van minstens twaalf maande onmiddellik voor die eerste dag van April 1959 boerdery in die Gebied beoefen het as sy enigste of vernaamste lewensonderhoud;
- (b) van goeie karakter is;
- (c) aanspreeklik is vir ’n skuld wat hy voor die eerste dag van April 1959 aangegaan het en wat hy kan regverdig;
- (d) weens die feit dat sy middele deur die heersende droogtetoestande nadelig getref is, geen redelike vermoëns het om daardie skuld te betaal nie;
- (e) waarskynlik ernstige of onherstelbare verlies sal ly, tensy daardie skuld geheel of gedeeltelik betaal word;
- (f) ’n redelike vooruitsig het om al sy geldelike moeilikhede te bowe te kom as daardie skuld geheel of gedeeltelik betaal word;
- (g) ’n redelike vooruitsig het om sy boerdery voort te sit as geldelike hulp aan hom toegestaan word;
- (h) voldoende sekerheid ingevolge artikel *vyf* vir die lening kan stel.

(2) Die raad kan desgelyks aan enigiemand vir wie die bepalings van paragraaf (a) en (b) van subartikel (1) geld, en wat, omdat sy middele nadelig getref is deur die heersende droogtetoestande, geen redelike middele het om krag- of ander voer vir die behoud van sy vee aan te koop nie, ’n lening van hoogstens tweehonderd pond toestaan om sodanige voer aan te koop.

„Met dien verstande dat in die geval van ’n geregistreerde eienaar van onroerende goedere of ’n huurder bedoel in artikel *twintig* die maksimum eenduisend pond moet wees.”

No. 16 of 1959.]

ORDINANCE

To provide for loans to certain farmers for the purpose of meeting pressing liabilities, for the relief of distress caused by drought and matters incidental thereto.

(Assented to 18th June, 1959.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Governor-General, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), as amended by section *sixteen* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949 (Act 23 of 1949), of the Parliament of the Union of South Africa, as follows:—

1. (1) As soon as may be after the commencement of this Ordinance, the Administrator shall appoint the members of the Land Bank Board, constituted and appointed under the provisions of section *three* of the Land Bank Proclamation, 1935 (Proclamation 22 of 1935), as amended, who shall, together with the manager of the Land and Agricultural Bank of South West Africa, (hereinafter referred to as the manager) constitute a board (hereinafter referred to as the board) for the purpose of giving effect to the provisions of this Ordinance.

(2) All expenses necessarily incurred in connection with the administration of this Ordinance shall be defrayed from the moneys referred to in section *two*.

2. (1) Subject to the provisions of this Ordinance, the board may out of moneys specially voted by the Legislative Assembly grant a loan for the purpose of meeting pressing liabilities to any person who has applied therefor on or before the thirty-first day of July, 1960, and who, in the opinion of the board —

- (a) during a period of not less than twelve months immediately preceding the first day of April 1959, has been carrying on farming operations in the Territory as his sole or principal means of livelihood;
- (b) is of good character;
- (c) owes any debt incurred before the first day of April, 1959, which he was justified in incurring;
- (d) has by reason of his means having been adversely affected by the prevailing conditions of drought no reasonable means of paying that debt;
- (e) is likely to suffer serious or irreparable loss unless such debt is paid wholly or in part;
- (f) has a reasonable prospect of overcoming all his financial difficulties if such debt is paid wholly or in part;
- (g) has a reasonable prospect of carrying on such farming operations if financial assistance is granted;
- (h) can give sufficient security for the loan in terms of section *five*.

(2) The board may in a like manner grant to any person to whom the provisions of paragraphs (a) and (b) of sub-section (1) apply and who, by reason of his means having been adversely affected by the prevailing conditions of drought, has no reasonable means of buying concentrates or other fodder for the sustenance of his stock, a loan not exceeding two hundred pounds for the purpose of purchasing such fodder.

“Provided that in the case of a registered owner of immovable property or a lessee referred to in section *twenty* the maximum shall be one thousand pounds.”

(3) 'n Aansoek om 'n lening ingevolge hierdie artikel moet geskied op die vorm en wyse en langs die weë wat die raad voorskryf, en die aansoeker moet daarby die nligting verstrek waarom die raad vra.

3. (1) By die toepassing van subartikel (1) van artikel twee mag die raad nie aan 'n applikant teen sekuriteit van onroerende goedere 'n bedrag leen wat, as dit op die titelbewys van sodanige goedere geregistreer word, die verbande op sodanige goedere verhoog tot meer as vyf-en-sewentig persent van die raad se taksasie daarvan nie, of teen sekuriteit van roerende goedere 'n bedrag van meer as vyfhonderd pond nie, maar onderhewig daarvan dat die totale lening aan enige applikant hoogstens twee-duisend pond mag bedra."

(2) 'n Lening ingevolge hierdie Ordonnansie word vir 'n tydperk van vyf jaar toegestaan en dra rente teen vier persent per jaar en is terugbetaalbaar in die paaiemente en op die tye wat die raad bepaal wanneer hy die lening toegestaan, maar onderhewig aan die bepalings van subartikel (4).

(3) Elke sodanige lening en die rente wat daarop ver-skuldig is, is terugbetaalbaar aan die bestuurder en deur hom namens die Administrasie verhaalbaar.

(4) Die raad kan op versoek van iemand aan wie 'n lening ingevolge hierdie Ordonnansie toegestaan is, die tydstippte waarop rente en paaiemente betaal moet word soos by subartikel (2) bepaal, verander, selfs al oorskry die algehele tydperk van die lening daardeur die tydperk van vyf jaar.

(5) Die raad kan die verlenging van die tydperk van terugbetaling van 'n lening of die verandering van die paaiemente waarin die terugbetaling moet geskied onderhewig maak aan die verskaffing van bykomende sekerheidstelling in die vorm van 'n verband op onroerende goed of 'n hipoteek op roerende goed en die bepalings van hierdie Ordonnansie is van toepassing op sodanige bykomende sekerheidstelling.

4. (1) Elke lening wat ingevolge hierdie Ordonnansie toegestaan word, word nie aan die lener self uitbetaal nie, maar word gebruik om met sy toestemming en namens hom dié van sy skulde of 'n deel daarvan af te betaal wat die raad bepaal op lewering van die bewys van sy aanspreeklikheid daarvoor wat die raad vereis.

(2) Die raad kan, wanneer hy 'n lening toegestaan ter gedeeltelike afbetaling van 'n reeds aange-gane skuld, dit as 'n voorwaarde van betaling aan die skuldeiser stel dat die skuldeiser die lener die uitstel moet gee wat die raad goed vind ten opsigte van enige restant op geld wat die lener aan hom skuld.

(3) So 'n lening word beskou as aan die lener toegestaan met ingang van die datum waarop die eerste betaling aan 'n skuldeiser van die lener ooreenkomstig subartikel (1) geskied, maar rente op elke betaling word bereken eers met ingang van die datum waarop die betaling geskied. Die raad kan lenings wat ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie toegestaan is, saamvoeg.

5. (1) Die raad kan 'n lening ingevolge hierdie Ordonnansie net toestaan teen die sekerheidstelling van 'n verband op onroerende goedere waarvan die lener die geregistreerde eienaar is, in die vorm van 'n skuldbrief wat in hoofsaak met die eerste bylae van hierdie Ordonnansie ooreenkom of teen die sekerheidstelling van 'n hipoteek op roerende goedere waarvan die lener die eienaar is en waarvan hy die gebruiks- en beskikkingsreg het, in die vorm van 'n skuldbrief wat in hoofsaak met die tweede bylae van hierdie Ordonnansie ooreenkom of teen 'n sessie as sekerheidstelling van een of ander reg waarvoor hy kan beskik.

(2) So 'n skuldbrief of sessie moet deur die lener geteken word voor die landdros van die distrik waarin hy woon of boer of voor enigiemand anders wat die bestuurder aanwys.

6. (1) As 'n lening ingevolge hierdie Ordonnansie toegestaan is, moet die lener enige skuldbrief wat bestem is om onroerende goedere ten opsigte van die lening te verbind, in tweevoud aan die bestuurder besorg saam met die eienaar se titelbewys ten opsigte van die onroerende

(3) An application for a loan under this section shall be made in such form and manner and through such channels and the applicant shall furnish therewith such information as the board may require.

3. (1) The board shall not for the purposes of sub-section (1) of section two lend to any applicant, against security of immovable property, an amount which, if registered against the title deed of such property, will raise the mortgage bonds against such property to more than seventy-five percent of the board's valuation thereof, or against security of movable property, an amount exceeding five hundred pounds, subject to the total loan to any applicant not exceeding two thousand pounds.

(2) A loan granted under this Ordinance shall be for a period of five years and bear interest at the rate of four per cent. per annum and be repayable in such instalments and at such times as the board may determine when granting the loan, but subject to the provisions of sub-section (4).

(3) Any such loan and the interest due thereon shall be repayable to and recoverable by the manager on behalf of the Administration.

(4) The board may, at the request of a person to whom a loan has been granted under this Ordinance vary the times of payment of interest and instalments determined under sub-section (2) even though thereby the total period of the loan may exceed the period of five years.

(5) The board may make the granting of an extension of the period of repayment of any loan, or the variation of the instalments in which such repayment shall be made conditional upon the furnishing of additional security by way of a mortgage of immovable property or of a hypothec of movable property and the provisions of this Ordinance shall apply to such additional security.

4. (1) Any loan granted under this Ordinance shall not be paid out to the borrower himself, but shall be utilized to pay with his consent and on his behalf such of his debts or part thereof as the board may determine, on production of such proof of his liability therefor as the board may require.

(2) The board may in granting a loan for the payment in part of a debt already incurred make it a condition of payment to the creditor that he will grant to the borrower such extension of time in respect of any balance of moneys due by the borrower to him, as the board deems fit.

(3) Any such loan shall be deemed to have been granted to the borrower as from the date upon which the first payment to any creditor of the borrower is made in terms of sub-section (1) but interest on each payment shall be calculated only from the date of such payment. The board may consolidate loans granted under the provisions of this Ordinance.

5. (1) The board shall not grant a loan under this Ordinance except upon the security of a mortgage of immovable property whereof the borrower is the registered owner, in the form of a bond corresponding substantially with the First Schedule to this Ordinance, or upon the security of a hypothec of movable property of which the borrower is the owner, and in respect whereof he has the right of use and disposal, in the form of a bond corresponding substantially with the Second Schedule to this Ordinance, or upon a cession, by way of security, of any right of which he is entitled to dispose.

(2) Any such bond or cession shall be signed by the borrower before the magistrate of the district wherein he resides or carries on his farming operations, or before any other person prescribed by the manager.

6. (1) Upon a loan being granted in terms of this Ordinance, any bond intended to mortgage immovable property in connection with such loan shall be submitted in duplicate by the borrower to the manager, together with the owner's title deed of such property. The mana-

goedere. By ontvangs daarvan moet die bestuurder albei oorspronklike eksemplare van die skuldbrief aan die Registrateur van Aktes besorg saam met die eienaar se titelbewys ten opsigte van die onroerende goedere, en daarop moet die Registrateur onmiddellik 'n aantekening maak op sodanige titelbewys en op die duplikaat wat in die Aktekantoor bewaar word, ten effekte dat die genoemde onroerende goedere ingevolge hierdie Ordonnansie met 'n verband belas is, en moet hy die datum van die aantekening daarop inskryf (selfs al is daar op die datum van sodanige aantekening een of ander bedrag aan grond- of ander belasting verskuldig ten opsigte van sodanige onroerende goedere.) Ook moet die Registrateur van Aktes op albei eksemplare van die genoemde skuldbrief sertifiseer dat daar op die titelbewyse van die betrokke onroerende goedere 'n aantekening soos voormeld gemaak is en moet hy elke ander aantekening of inskrywing op elke ander dokument of register in daardie registrasiekantoor maak wat hy nodig ag om die bestaan van daardie verband bekend te maak.

(2) Die Registrateur stuur daarop een van die eksemplare van die skuldbrief terug aan die bestuurder en bewaar die ander eksemplaar in sy registrasiekantoor waar dit vir elke belanghebbende beskikbaar gestel word op dieselfde wyse en voorwaardes asof dit 'n gewone verbandakte was op die betrokke onroerende goedere wat in daardie registrasiekantoor geregistreer is.

(3) Wanneer die aantekeninge vermeld in subartikel (1) gemaak is, word die onroerende goedere waarop die bedoelde skuldbrief betrekking het, beskou as ewe geldig met 'n verband belas asof daardie skuldbrief geteken, geattesteer en geregistreer was in die bedoelde registrasiekantoor ooreenkomstig die regsbepalings op die ondertekening, attestasie en registrasie van verbande op onroerende goedere, en die bedoelde skuldbrief volg as verband in rang onmiddellik op die laasvoorgaande verband wat op daardie goedere rus.

(4) Wanneer 'n lening waarvoor daar ingevolge die voorafgaande bepalings van hierdie artikel 'n verband gevestig is, ten volle terugbetaal is, stel die bestuurder die Registrateur van Aktes skriftelik in kennis van die terugbetaling en besorg hy aan hom die eksemplaar van die skuldbrief wat ingevolge subartikel (2) aan die bestuurder teruggestuur is. Daarop roeier die Registrateur beide eksemplare van die skuldbrief en enige aantekening of inskrywing wat hy in verband daarmee gemaak het.

(5) Die bestuurder kan, op voorwaardes wat hy na goeddunke stel, by wyse van 'n geskrif wat hy onderteken, enige deel van die onroerende goedere vrystel van 'n verband wat ingevolge hierdie artikel daarop gevestig is, of ander onroerende goedere aanneem in die plek van die onroerende goedere wat aldus met 'n verband beswaar is en laasgenoemde goedere van die verband vrystel, of as die onroerende goedere wat aldus met 'n verband beswaar is aan verskeie eienaars in onverdeelde aandele behoort, sy toestemming verleen tot 'n verdeling van daardie goedere onder die eienaars en tot 'n transport van aparte dele van sodanige goedere ten einde aan daardie verdeling gevolg te gee, onderhewig aan die registrasie, teen een of meer van die onderskeie dele op die wyse hierbo bepaal, van die restant van die skuld ten opsigte van enige verband wat teen sodanige goedere geregistreer is, in die verhouding wat die bestuurder as billik beskou om die Administrasie se belange nie te benadeel nie, of sy toestemming verleen tot enige ander transaksie in verband met goedere wat aldus beswaar is.

7. (1) Na ondertekening van 'n skuldbrief wat bestemd is om roerende goedere ingevolge artikel vyf te verhipotekeer, word die betrokke goedere en alle aandeel of opbrengs van die verhipotekeerde vee beskou as verpand aan die Administrasie as sekerheidstelling vir die betrokke lening op dieselfde wyse asof dit in pand aan die Administrasie uitgelewer was. In hierdie subartikel sluit die woord „opbrengs” met betrekking tot skape of bokke ook hul wol of haar in, en met betrekking tot enige lewendende hawe wat verhipotekeer is en wat doodgegaan het, ook hul velle en huide in.

(2) Die bestuurder kan te eniger tyd op voorwaardes wat hy wenslik ag, die eienaar van goedere wat ingevolge subartikel (1) verhipotekeer is, toelaat om dit van die

ger shall upon receipt thereof transmit both originals of such bond, together with the owner's title deed of such property, to the Registrar of Deeds and such Registrar shall thereupon forthwith endorse such title deed and the duplicate thereof filed in the deeds registry with a statement to the effect that the said property has been mortgaged under this Ordinance, and with the date of such endorsement (notwithstanding that there may be at the date when such endorsement is made, any amount due in respect of such property by way of rates or taxes). He shall also endorse on both originals of the said bond a certificate to the effect that the title deeds of the property in question have been endorsed as aforesaid and make such other endorsement upon or entry in any other document or register filed in such registry as he may deem necessary to disclose the existence of such mortgage.

(2) The said Registrar shall thereupon return one of the originals of the said bond to the manager and shall file the other original in his registry, where it shall be available to any interested person in the same manner and under the same conditions as if it were an ordinary mortgage bond upon the property in question registered in such registry.

(3) When the endorsements referred to in sub-section (1) have been made the immovable property to which the said bond relates shall be deemed to have been mortgaged as effectively as if such bond had been executed, attested and registered in the said deeds registry in accordance with the provisions of the law relating to the execution, attestation and registration of mortgage bonds on immovable property and such bond shall rank as a mortgage bond immediately after the last prior mortgage bond to which such property may be subject.

(4) When a loan in respect whereof a mortgage bond was constituted in terms of the preceding provisions of this section, has been repaid in full, the manager shall inform the Registrar of Deeds in writing of such repayment and shall transmit to him the original of the bond returned to him in terms of sub-section (2). The registrar shall thereupon cancel both originals of such bond and any endorsement or entry made by him in connection therewith.

(5) The manager may, on such conditions as he thinks fit to impose, by writing under his hand, release any portion of any property from a mortgage bond imposed thereon in terms of this section or accept any other immovable property in substitution of any property so mortgaged and release the last mentioned property from the mortgage bond, or if any property so mortgaged belongs to several owners in undivided shares, consent to a division of such property among its owners and to a transfer of individual portions of such property for the purpose of giving effect to such division subject to the registration against one or more of the respective portions in the manner hereinbefore provided of the balance of the indebtedness in respect of any mortgage bond registered against such property in such proportions as the manager deems equitable so as not to prejudice the interest of the Administration, or consent to any other transaction relating to any property so mortgaged.

7. (1) Upon the execution of a bond intended to hypothecate movable property in terms of section five, the said property and any progeny or produce of hypothecated stock, shall be deemed to have been pledged to the Administration as security for the loan in question in the same manner as if it had been delivered to the Administration as a pledge. In this sub-section the word “produce” in relation to any sheep or goats includes their wool or mohair, and in relation to any livestock subject to the hypothec which may have died, includes their skins or hides.

(2) The manager may at any time upon such conditions as he may think fit to impose, permit the owner of any property hypothecated in terms of sub-section (1)

hand te sit of om dit deur ander goedere te vervang, en alle aldus vervangende goedere word beskou as geldig verhipotekeer volgens die bedoeling van hierdie artikel.

8. (1) Geen bedrag word uitbetaal op 'n lening ingevolge hierdie Ordonnansie wat deur 'n verband op onroerende goedere verseker is voordat die aantekening vermeld in subartikel (1) van artikel ses op die betrokke titelbewyse en skuldbrief gemaak is nie.

(2) Geen bedrag mag uitbetaal word op 'n lening ingevolge hierdie Ordonnansie wat deur 'n hipoteek op roerende goedere verseker is, voordat die bestuurder hom oortuig het dat daardie goedere behoorlik volgens sy voorskrif gemerk is nie.

(3) Die eienaar van aldus verhipotekeerde en gemerkte vee moet die aanteel daarvan laat merk met dieselfde merk as daardie vee wanneer die aanteel van die ouderdom bereik het wat die bestuurder voorgeskryf het.

(4) Die eienaar van roerende goedere wat ingevolge hierdie Ordonnansie verhipotekeer is, en wat ingevolge subartikel (2) van artikel sewe toegelaat is om hulle deur ander goedere te vervang, moet onmiddellik na die vervanging die vervangende goedere laat merk met dieselfde merk as die oorspronklike goedere.

(5) As enige goedere wat ingevolge die voorafgaande bepalings van hierdie artikel gemerk behoort te geword het, nie aldus gemerk is nie, staan daardie goedere desnietem in onder hipoteek op dieselfde wyse asof dit aldus gemerk was.

9. (1) Wanneer enige dier wat ingevolge hierdie Ordonnansie onder hipoteek staan, doodgaan of wegraak of gesteel word, of wanneer enige ander roerende goedere wat onder sodanige hipoteek staan, vernietig of gesteel word, of wegraak, moet die eienaar daarvan die saak onverwyld aangee op die wyse wat die bestuurder voorskryf, en as die eienaar of enigiemand anders so 'n gesteelde of weggeraakte dier of ander roerende goedere wat aldus aangegee is, terugkry, moet die eienaar daarvan die terugkryging daarvan onverwyld aangee op die wyse wat die bestuurder voorskryf.

(2) Die bestuurder kan beveel dat die eienaar van sodanige gestorwe, weggeraakte of gesteelde diere, of van sodanige ander vernietigde, weggeraakte of gesteelde roerende goedere ander diere of roerende goedere wat die bestuurder goedkeur, in die plek stel van sodanige diere of ander goedere; en die bepalings van hierdie Ordonnansie is op die vervangende diere of ander roerende goedere van toepassing asof hulle oorspronklik ingevolge hierdie Ordonnansie verhipotekeer was.

(3) Die eienaar van enige roerende goedere wat ingevolge hierdie Ordonnansie verhipotekeer is, mag nie sonder die skriftelike toestemming van die bestuurder of van iemand wat hy aangewys het om sodanige toestemming te gee, daardie goedere verwyder van die grond wat daardie eienaar in sy aansoek om 'n lening aangegee het as die grond waarop hy boer of voornemens is om te boer, of van grond waarheen hy daardie goedere met sodanige toestemming vervoer het nie.

(4) Die eienaar van die aldus verhipotekeerde goedere moet, op las van iemand wat die bestuurder skriftelik gemagtig het om sodanige goedere te besigtig, daardie goedere op enige redelike tyd aan hom ter besigtiging vertoon en wel op die plek wat so iemand aanwys op die grond waar sodanige goedere regmatig kan verkeer.

10. (1) Wanneer ook al die raad ingevolge hierdie Ordonnansie 'n lening aan iemand toegestaan het, gee die bestuurder aan die landdros van die distrik waarin so iemand woon, kennis dat die lening toegestaan is.

Die kennisgewing moet die volgende besonderhede bevat:—

- (a) die volledige naam en adres van die lener;
- (b) die bedrag van die lening;
- (c) besonderhede van die bates wat met hipoteek of verband belas is as sekerheidstelling vir die lening;
- (d) die tydperk en voorwaardes van terugbetaling van die lening.

(2) Die landdros moet enigeen kosteloos toelaat om die kennisgewing te lees en af te skryf.

to dispose thereof, or to substitute any other property therefor, and any property so substituted shall be deemed to have been validly hypothecated within the meaning of this section.

8. (1) No amount shall be paid out in respect of a loan under this Ordinance, which is secured by a mortgage of immovable property, until the endorsements referred to in sub-section (1) of section six have been made on the relevant title deeds and bond.

(2) No amount shall be paid out in respect of a loan under this Ordinance which is secured by a hypothec of movable property, until the manager is satisfied that such property has been duly marked in manner prescribed by him.

(3) The owner of any livestock so hypothecated and marked shall cause any progeny thereof when it has reached the age prescribed by the manager, to be marked with the same mark as the parent stock.

(4) The owner of any movable property hypothecated under this Ordinance who has been permitted, in terms of sub-section (2) of section seven, to substitute any other property therefor, shall immediately after such substitution cause the substituted property to be marked in the same manner as the original property.

(5) If any property which should have been marked in terms of the preceding provisions of this section has not been so marked, such property shall nevertheless be subject to a hypothec in the same manner as if it had been so marked.

9. (1) Whenever any animal which is subject to a hypothec under this Ordinance dies or is lost or stolen or whenever any other movable property which is subject to such hypothec is destroyed, lost or stolen, the owner thereof shall forthwith report the matter in manner prescribed by the manager and in the event of the recovery by the owner or any other person of such stolen or lost animal or other movable property so reported upon, the owner thereof shall forthwith report the recovery thereof in manner prescribed by the manager.

(2) The manager may require the owner of such animals that have died, been lost or stolen, or of any such other movable property that has been destroyed, lost or stolen, to replace such animals or such other property by other animals or other movable property approved by the manager; and the provisions of this Ordinance shall apply to such substituted animals of other movable property as if they had originally been hypothecated under this Ordinance.

(3) The owner of any movable property which is subject to a hypothec under this Ordinance shall not without the written permission of the manager or of a person delegated by him to grant such permission, remove such property from the land indicated in such owner's application for a loan as the land whereon he carried on or intends carrying on his farming operations, or from any land to which he has been so permitted to remove such property.

(4) The owner of any such hypothecated property shall upon the demand of any person authorized in writing by the manager to inspect any such property produce such property to him at any reasonable time for inspection, at such place on the land whereon such property may lawfully be, as such person may indicate.

10. (1) Whenever the board has granted a loan under this Ordinance to any person, the manager shall notify the magistrate of the district wherein such person resides, that such loan has been granted.

Such notice shall contain —

- (a) the full name and address of the borrower;
- (b) the amount of the loan;
- (c) particulars of the assets hypothecated or mortgaged as security for the loan;
- (d) the period and conditions of repayment of the loan.

(2) The magistrate shall permit any person to read and copy such notice, free of charge.

11. Die bestuurder kan te eniger tyd op die voorwaardes wat hy wenslik ag, deur 'n geskrif wat hy onderteken het, roerende goedere wat ingevolge artikel *sewe* verhipotekeer word, aanneem in die plek van onroerende goedere wat ingevolge artikel *ses* met verband beswaar is, en omgekeerd.

12. Onroerende goedere wat ingevolge hierdie Ordonnansie met verband beswaar is of roerende goedere wat ingevolge hierdie Ordonnansie verhipotekeer is, kan met die skriftelike toestemming van die bestuurder aan iemand anders oorgedra word onderhewig aan die verband of hipoteek waarmee dit belas is, en wanneer so 'n oordrag geskied het, is die bepalings van hierdie Ordonnansie op die oorgedrae goedere en op die persoon aan wie dit oorgedra is, van toepassing, en is hy verplig om die verskuldigde restant van die lening met rente terug te betaal op dieselfde wyse en voorwaardes asof die lening oorspronklik aan hom toegestaan was.

13. Alle handeling kragtens subartikel (5) van artikel *ses*, subartikel (2) van artikel *sewe* en artikels *elf* en *twaaft* word deur die Registrateur van aktes verrig by wyse van endossemente op die betrokke titelbewyse en/of verbande en deur aantekenings in die betrokke registers by oorlegging van skriftelike toestemming van die voorsitter van die raad."

14. As die raad meen dat die lener die voorwaardes waarop hy die geld geleen het, verontagsaam het, of dat die belange van die Administrasie 'n onmiddellike terugvordering van 'n lening wat ingevolge hierdie Ordonnansie toegestaan is, vereis, kan hy, al het die tydperk waarvoor die lening toegestaan is, nog nie verstryk nie, en afgesien van enige voorwaardes van terugbetaling wat by die toestaan van die lening gestel is, die skuldenaar per aangetekende brief gerig aan hom by die adres wat hy in sy aansoek om 'n lening of 'n ander adres wat hy moontlik daarna aan die raad gegee het, of by sy bekende woonplek, of middels 'n kennisgewing aan hom persoonlik oorhandig, aansê om die hele lening of enige deel daarvan wat nog nie terugbetaal is nie, met al die daarop verskuldigde rente onverwyld terug te betaal, en die lening en rente verval dan op die dag waarop daardie brief die adres waarheen dit oor die pos gerig is, bereik, of in die gewone loop van sake moes bereik het, of waarop daardie kennisgewing aan die skuldenaar oorhandig is, asof die tydperk waarvoor die lening toegestaan is, op daardie dag verstryk het.

15. (1) Wanneer 'n lening of 'n deel of paalement van 'n lening, wat ingevolge hierdie Ordonnansie toegestaan is, verval en onbetaald bly gedurende 'n tydperk van veertien dae na die vervaldag, kan die bestuurder sonder vorm van proses enige roerende goedere wat ingevolge hierdie Ordonnansie as sekerheidstelling vir daardie lening verhipotekeer is, in beslag laat neem, waar hulle ook al is, en hulle laat verkoop op die plek en wyse wat die bestuurder bepaal: Met dien verstande dat as daardie lening of deel of paalement van 'n lening op 'n ander wyse verval het as ingevolge artikel *veertien*, daardie inbeslagneming nie mag geskied nie buiten na redelike kennisgewing aan die skuldenaar dat die inbeslagneming uitgevoer sal word, tensy die verskuldigde bedrag betaal word.

(2) Die opbrengs van die verkoping, na betaling van die koste gemaak in verband met die inbeslagneming en verkoping, word aangewend tot vermindering of aflossing van wat nog op die lening met rente daarop betaalbaar is, en as daar nog 'n oorskot oorbly, word dit aan die skuldenaar of sy wetlike verteenwoordiger uitbetaal.

(3) As iemand aan wie 'n lening ingevolge hierdie Ordonnansie toegestaan is teen sekerheidstelling van 'n hipoteek op roerende goedere, sterf, of op las van 'n bevoegde hof as geestelik gekrenk of gebrekkig aangehou word, of deur 'n bevoegde hof onbevoeg verklaar word om sy eie sake te bestuur, moet die eksekuteur van sy boedel of sy wetlike verteenwoordiger (met inbegrip van iemand wat regtens gemagtig is om sy boedel te bestuur of om opdrag vir die bestuur daarvan te gee) na gelang, daardie goedere in bewaring neem en ter beskikking hou van die bestuurder wat daarmee ingevolge hierdie Ordon-

11. The manager may at any time, on such conditions as he thinks fit to impose by writing under his hand, accept in substitution for any immovable property mortgaged in terms of section *six* any movable property to be hypothecated in terms of section *seven*, and *vice versa*.

12. Any immovable property mortgaged or movable property hypothecated in terms of this Ordinance may, with the written consent of the manager, be transferred to any other person subject to the mortgage or hypothec with which it is burdened; and upon such transfer being effected, the provisions of this Ordinance shall apply to the property transferred and to the person to whom it is transferred, and he shall be liable to repay the unpaid balance of the loan with interest in the same way, and subject to the same conditions, as if it had originally been granted to him.

13. All acts in terms of sub-section (5) of section *six*, sub-section (2) of section *seven* and sections *eleven* and *twelve* shall be performed by the Registrar of Deeds by way of endorsements on the title deeds and/or mortgage bonds and of entries in the registers concerned on production of the written consent of the chairman of the board."

- (f) while he is employed for a fixed number of years or months;
- (g) while he is employed temporarily.

6. (1) A member shall have the right to retire on pension on reaching the pensionable age, and shall be so retired on reaching the said age, unless the Administrator considers it desirable in the public interest to retain him in his post beyond that age and in that case he may be retained for a further period or periods which shall in all not exceed five years.

(2) A member may request to be retired on pension on reaching the age of sixty years, and may be so retired: Provided that he shall give written notice of his intention so to retire at least three months before he reaches the age of sixty years.

(3) Wanneer 'n lid die ouderdom van sestig jaar bereik, kan die Administrateur hom met pensioen afdank.

(3) When a member has reached the age of sixty years he may be retired on pension by the Administrator.

7. (1) 'n Lid wat minstens tien jaar pensioengewende diens voltooi het, is by aftrede op die aftreeouderdom geregtig op 'n jaargeld gebaseer op die jaarlikse gemiddelde van sy pensioengewende besoldiging gedurende die laaste sewe jaar van sy pensioengewende diens, en bereken volgens die skaal van een-tagtigste van bedoelde gemiddelde vir elke jaar van pensioengewende diens.

7. (1) A member who has completed at least ten years of pensionable service, shall, on retirement at the pensionable age, be entitled to an annuity based on the annual average of his pensionable emoluments during the last seven years of his pensionable service, calculated on the scale of one-eightieth of such average for every year of pensionable service.

(2) As 'n lid wat minstens tien jaar pensioengewende diens voltooi het, ontslaan word —

(2) When a member who has completed not less than ten years pensionable service, is retired —

- (a) na bereiking van die ouderdom van sestig jaar;
- (b) weens swak gesondheid wat sonder sy eie toedoen veroorsaak is;
- (c) ter bevordering van doeltreffendheid, besuiniging of weens die afskaffing van sy pos;
- (d) omdat hy vir die werk verbonde aan sy betrekking ongeschik is of nie die werk bekwaam kan doen nie;
- (e) by vrywillige aftrede by of na bereiking van die ouderdom van sestig jaar —

- (a) after reaching the age of sixty years;
- (b) because of ill-health occasioned without his own default;
- (c) in order to promote efficiency or economy, or because of the abolition of his post;
- (d) because he is unfit for the duties attached to his post, or incapable of performing them efficiently;
- (e) on voluntary retirement on or after reaching the age of sixty years —

kan aan hom 'n jaargeld toegestaan word in ooreenstemming met dié in subartikel (1) genoem ten opsigte van sy pensioengewende diens tot op die datum van sy aftrede.

he may be granted an annuity in accordance with that provided for in sub-section (1) in respect of his pensionable service up to the date of his retirement.

8. (1) Aan 'n lid wat aftree ingevolge artikel *sewe* is, benewens sy jaargeld, 'n gratifikasie betaalbaar bereken teen vyf persent van die gemiddelde pensioengewende besoldiging oor die laaste sewe jaar ten opsigte van elke jaar van sy pensioengewende diens.

8. (1) A member who retires in terms of the provisions of section *seven*, shall, in addition to his annuity, be paid a gratuity calculated at five per cent of the average pensionable emoluments during the last seven years in respect of each year of his pensionable service.

(2) As 'n lid afgedank word ingevolge artikel *sewe* en minder as tien jaar pensioengewende diens het, word aan hom 'n gratifikasie gelyk aan dubbel sy bydraes tot die fonds betaal.

(2) If a member is retired in terms of the provisions of section *seven* before having completed ten years pensionable service, he shall be paid a gratuity equal to double the amount of his contributions paid into the fund.

(3) As 'n lid in diens sterf, ontvang sy afhanklikes 'n gratifikasie van tien persent van die lid se gemiddelde pensioengewende besoldiging oor die laaste sewe diensjare ten opsigte van elke jaar pensioengewende diens: Met dien verstande dat 'n minimum gratifikasie aan lede met minder as tien jaar diens, gelyk aan een jaar se gemiddelde pensioengewende salaris oor die laaste sewe jaar of oor die hele diensteryn indien minder as sewe jaar, betaalbaar is. As hy nie afhanklikes het nie, ontvang sy boedel sy eie bydraes. Die gratifikasie word aan sy afhanklikes toegewys op die wyse wat die Sekretaris bepaal en die Sekretaris kan so 'n gratifikasie in die geval van ander afhanklikes as die weduwee van 'n oorlede lid verminder in die mate wat hy met inagneming van die omstandighede van daardie afhanklikes redelik ag.

(3) If a member dies while in service, his dependants shall receive a gratuity of ten per cent of the member's average pensionable emoluments during the last seven years of service in respect of every year of pensionable service: Provided that, in the case of members with less than ten years service, a minimum gratuity equal to one year's average pensionable salary during the last seven years, or during his whole period of service, if it is less than seven years, shall be payable. If he leaves no dependants his own contributions shall be paid into his estate. The gratuity shall be allocated amongst his dependants as the Secretary determines, and the Secretary may, in the case of dependants other than the widow of a deceased member, reduce such gratuity to the extent which, having regard to the circumstances of such dependants, appears to him to be reasonable.

(4) 'n Vroulike lid wat by haar huwelik ontslaan word of met die oog op haar huwelik bedank en binne drie maande daarna in die huwelik tree en minstens vyf jaar pensioengewende diens voltooi het, ontvang die grootste van die ondervermelde bedraes:

(4) A female member who is discharged on her marriage or who resigns in contemplation of marriage and marries within three months thereafter having completed at least five years of pensionable service, shall receive the greater of the following amounts:—

- (a) haar eie bydraes;
- (b) 'n persentasie van die bedrag van die maandelikse gemiddelde van haar pensioengewende besoldiging vir die laaste sewe jaar van haar pensioengewende diens of vir die hele tydperk van sulke diens, welke ook al die kortste tydperk is, ten opsigte van elke voltooide jaar van haar pensioengewende diens bereken teen die volgende skaal:

- (a) her own contributions;
- (b) a percentage of the amount of the monthly average of her pensionable emoluments for the last seven years of her pensionable service, or for the whole period of such service, whichever is the shorter period, in respect of each completed year of pensionable service calculated according to the following scale:—

Getal voltooide jare pensioengewende diens.	Persentasie van maandelikse gemiddelde van pensioengewende besoldiging.
Minder as 5 jaar	eie bydraes
5	50
6	60
7	70
8	80
9	90
10 en meer	100

Number of completed years of pensionable service.	Percentage of the monthly average of pensionable emoluments.
Less than 5 years	Own contributions
5	50
6	60
7	70
8	80
9	90
10 and more.	100

(5) Nieteenstaande enige ander bepaling in hierdie Ordonnansie is 'n lid wat 'n leerlingverpleegster of leerlinghulpverpleegster is en wie se diens beëindig word en wat bedank voordat sy in die voorgeskrewe eksamen wat

(5) Notwithstanding any provision in this Ordinance a member who is a student nurse or a student auxiliary nurse, whose services are terminated and who resigns before she has passed the prescribed examination qualifying

haar kwalifiseer vir aanstelling as verpleegster of hulp-verpleegster geslaag het, slegs geregtig op die betaling van haar eie bydraes.

9. As 'n gepensioneerde binne vyf jaar na sy aftrede sterf en afhanklikes nalaat, word sy pensioen, behoudens die bepaling van artikel *sewe-en-twintig*, aan sy afhanklikes uitbetaal of totdat die vyf jaar om is, of onmiddellik in een bedrag gelyk aan vyf maal sy jaargeld soos bepaal by artikel *sewe* min die bedrag van sodanige jaargeld wat reeds aan hom uitbetaal is.

10. As 'n lid bedank, is die volgende aan hom betaalbaar:—

- (a) Die totale bedrag van sy eie bydraes tot die fonds; en
- (b) vier persent van (a) vir elke voltooide jaar van bydraende diens meer as tien jaar.

11. Aan 'n lid wat in die Administrasie se diens was voordat hy lid geword het van die Unieweduweespensioenfonds, kan bykomende voordele ten opsigte van sodanige vorige diens uitbetaal word uit die Gebiedsinkomstefonds op 'n grondslag wat die Sekretaris bepaal.

12. (1) Die pensioengewende diens ten opsigte waarvan pensioen bereken moet word, moet deurlopend wees of anders moet dit diens wees wat die Sekretaris ingevolge subartikel (3) van artikel *vier* goedkeur.

(2) Behoudens die bepaling van subartikel (3) omvat pensioengewende diens —

- (a) werklike diens;
- (b) afwesigheidsverlof;
- (c) skorsing, indien dit deur herstelling in dieselfde of in 'n ander betrekking gevolg word,

en word afwesigheidsverlof sonder betaling nie as 'n onderbreking daarvan beskou nie.

(3) Geen tydperk van diens, verlof of skorsing van 'n lid word by sy pensioengewende diens gereken nie tensy sodanige lid ten opsigte van daardie tydperk tot die fonds bygedra het of tensy sy bydraes ten opsigte van daardie tydperk ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *dertien* van die pensioen afgetrek word.

(4) Die tydperk pensioengewende diens word by die jaar en maand bereken en dele van 'n maand word buite rekening gelaat.

13. (1) 'n Lid se bydraes tot die fonds word ingevorder by wyse van aftrekkings van sy besoldiging aan die end van elke maand of op die tydstippe en voorwaardes, met inbegrip van die vordering van rente waar nodig, wat die Administrateur bepaal.

(2) Enige bydraes wat van 'n lid geëis word of wat 'n lid ooreenkomstig artikel *vier* gekies het om te betaal, moet behoudens enige andersluidende bepaling van hierdie Ordonnansie paaientemsgewys betaal word, en die bedrae wat in daardie verband van 'n lid se pensioengewende besoldiging afgetrek moet word, moet bereken word teen twee persent van daardie besoldiging of teen die hoër koers wat die lid verkies.

(3) As 'n lid ooreenkomstig artikels *vier* of *vyftien* bydraes betaal en sterf of aftree of afgedank of ontslaan word voordat die volle bedrag van sodanige bydraes betaal is, moet die nog onbetaalde bedrag afgetrek word van die pensioen wat uit die fonds of uit inkomste, na gelang, aan hom of aan sy afhanklikes betaalbaar is, en moet die pensioen bereken word op die volle tydperk van pensioengewende diens ten opsigte waarvan hy moet bydra of gekies het om by te dra.

(4) Terwyl 'n lid met siekte- of ander verlof afwesig is met volle of halwe betaling of ten opsigte van enige tydperk van verlof sonder betaling wat veertien dae of korter is, moet hy aanhou om tot die fonds by te dra en sy bydraes gedurende sodanige verlof moet op sy volle pensioengewende besoldiging gebaseer word.

(5) 'n Lid dra by ten opsigte van enige siekte- of ander verlof sonder betaling vir langer as veertien dae tensy hy skriftelik kennis gee dat hy nie aldus wil bydra nie.

her for appointment as nurse or auxilliary nurse, shall be entitled only to payment of the amount of her contributions.

9. If a pensioner dies within five years after his retirement and leaves dependants, his pension shall; subject to the provisions of section *twenty seven*; be paid out to his dependants, either until the five years have elapsed, or immediately in a lump sum equalling five times his annuity as defined in Section *seven* less the amount of such annuity already paid out to him.

10. If a member resigns, the following amounts are payable to him:—

- (a) the total amount of his own contributions to the fund; and
- (b) four per cent of (a) for each completed year of contributory service beyond ten years.

11. To a member who was in the Administration's service before becoming a member of the Union Widow's Pension Fund, additional benefits in respect of such prior service may be paid out of the Territory Revenue Fund on a basis determined by the Secretary.

12. (1) The pensionable service in respect of which the pension is to be calculated, shall be continuous or otherwise such service as is approved by the Secretary in terms of sub-section (3) of section *four*.

(2) Subject to the provisions of sub-section (3) pensionable service shall include —

- (a) actual service;
- (b) leave of absence;
- (c) suspension, if followed by reinstatement in the same or another post,

and shall not be deemed to be interrupted by leave of absence without pay.

(3) No period of employment, leave or suspension of a member shall be included in his pensionable service unless he has contributed to the fund in respect of that period, or unless his contributions in respect of that period are deducted from the pension in terms of sub-section (3) of section *thirteen*.

(4) The period of pensionable service shall be calculated by the year and month, and fractions of a month shall be discounted.

13. (1) A member's contributions to the fund shall be collected by deductions from his emoluments at the end of each month or at such times, and on such conditions, which shall include the levying of interest charges where necessary, as the Administrator may determine.

(2) Any contributions which a member is required to make, or has elected to make in terms of section *four* shall, except where otherwise provided in this Ordinance, be paid in instalments, and the deductions to be made in respect thereof from a member's pensionable emoluments shall be calculated at the rate of two per cent of those emoluments or at such higher rate as the member may desire.

(3) If a member who is paying contributions in terms of section *four* or *fifteen* dies or retires or is retired or discharged before the total amount of such contributions has been paid, the amount which remains unpaid shall be set off against the pension payable to him or his dependants from the fund or from revenue, as the case may be, and such pension shall be calculated on the whole period of pensionable service in respect of which he is required, or has elected, to contribute.

(4) A member shall continue to contribute to the fund while on sick or other leave with full or half pay, or in respect of any period of leave without pay of fourteen days or less, and his contributions during such leave shall be based on his full pensionable emoluments.

(5) A member shall contribute in respect of any period of sick or other leave without pay longer than fourteen days unless he gives written notice that he does not wish so to contribute.

(6) As 'n lid geskors of uit sy betrekking ontslaan is en in daardie of in 'n ander betrekking herstel word, moet hy met ingang van die skorsings- of ontslagdatum tot die fonds bydra op die voorwaardes wat die Administrateur bepaal, en sy bydraes ten opsigte van daardie tydperk moet op sy volle pensioengewende besoldiging onmiddellik voor sy skorsing of ontslag gebaseer word.

14. As 'n lid na 'n staatsdepartement of 'n by wet gestigte raad, inrigting of liggaam gesekondeer word, kan hy behoudens die goedkeuring van die Administrateur gedurende sy sekondering aanhou om tot die fonds by te dra: Met dien verstande dat die bydraes ten opsigte van die lid wat anders uit inkomste in die fonds gestort sou word, of deur vermeldde staatsdepartement, raad, inrigting of liggaam waarna die lid gesekondeer is of deur die lid self betaal word, en dat die bydraes in inkomste gestort word: Met dien verstande voorts dat die aldus volgehoue bydraes gebaseer moet word op 'n bedrag wat die Administrateur van tyd tot tyd bepaal en wat nie kleiner mag wees as die pensioengewende besoldiging wat sodanige lid sou ontvang het as hy nie gesekondeer was nie, en vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie word enige sodanige bedrag as die lid se pensioengewende besoldiging gedurende die betrokke tydperk beskou.

15. (1) Elkeen wat in diens is van 'n staatsdepartement of van 'n inrigting vir hoër onderwys of van 'n ander vir hierdie doel deur die Administrateur goedgekeurde inrigting of liggaam waar hy aan 'n pensioen- of spaarfonds onderhewig is, en wat sonder onderbreking van sy diens as 'n werknemer aangestel word of wat sonder onderbreking van sy diens daarvoor aanspreeklik word om tot die fonds by te dra moet behoudens die bepalinge van artikel vyf ooreenkomstig dié in artikel drie uiteengesette skaal tot die fonds bydra.

(2) Enigeen wat aldus aangestel of soos voormeld aanspreeklik word, kan binne sestig dae nadat die Sekretaris hom versoek het om dit te doen, skriftelik kies om sy vorige diens as pensioengewende diens kragtens hierdie Ordonnansie te reken en as dit sy keuse is, moet hy aan die fonds 'n bedrag betaal wat deur en ten opsigte van hom gedurende sy vorige diens aan die fonds betaalbaar sou gewees het as hy gedurende daardie tydperk 'n lid van die fonds was. Rente op sodanige bydraes teen vyf persent per jaar word uit inkomste in die fonds gestort. Sodanige rente moet jaarliks op die een-en-dertigste dag van Maart saamgestel word en moet bereken word volgens die datums waarop die bydraes betaalbaar sou gewees het:

Met dien verstande dat —

- (i) van die bedrag betaalbaar deur die lid plus die rente betaalbaar uit inkomste afgetrek moet word enige bedrag wat deur sodanige Staatsdepartement, inrigting of liggaam ten opsigte van sodanige vorige pensioengewende diens aan die fonds betaal is en
- (ii) as die bedrag kleiner is as die bedrag wat die fonds ooreenkomstig hierdie subartikel toekom, dié balans nadat die rente uit inkomste gestort is, paaiemensgewys deur die lid betaal kan word en wel binne die tydperk en op die voorwaardes wat die Sekretaris bepaal.

16. (1) As 'n lid sonder onderbreking van sy diens aangestel word in 'n staatsdepartement of 'n inrigting vir hoër onderwys of van 'n ander vir hierdie doel deur die Administrateur goedgekeurde inrigting of liggaam waar hy aan 'n pensioen- of spaarfonds onderhewig is, en as hy met ingang van die datum van sodanige aanstelling 'n bydraer van 'n ander fonds word en toegelaat word en kies om ten opsigte van sy vorige pensioengewende diens tot die ander fonds by te dra, moet uit die fonds aan die ander fonds 'n bedrag oorgedra word wat gelyk is aan twee maal sy eie bydraes, tesame met rente teen vyf persent op die bydraes, en vermeldde rente moet jaarliks op die een-en-dertigste dag van Maart saamgestel word en moet bereken word volgens die datums waarop die bydraes betaalbaar geword het. As die aldus oordraagbare bedrag egter die bedrag oortref wat die ander fonds ten opsigte van die vorige pensioengewende diens vereis moet net daardie bedrag oorgedra word wat die ander fonds aldus vereis en moet met die oorblywende bedrag gehandel word soos die Sekretaris gelas. Die Sekretaris bepaal wat in verband met tekorte gemaak moet word.

(6) A member who has been suspended or discharged from his post and reinstated in that post or another post shall, on such conditions as the Administrator may determine, contribute to the fund from the date of his suspension or discharge and his contributions in respect of that period shall be based on his full pensionable emoluments immediately before his suspension or discharge.

14. A member who is seconded to a Government department or any board, institution or body established by law, may, subject to the Administrator's approval, continue while so seconded to make contributions to the fund: Provided that the contributions which would otherwise be made to the fund from revenue in respect of such member shall be made either by the said Government department, board, institution or body to which such member has been seconded or by the member himself, and such contributions shall be credited to revenue: Provided, further, that the contributions so continuing to be made shall be based upon such amount, not being less than the pensionable emoluments which such member would have drawn had he not been seconded, as the Administrator may determine from time to time, and any such amount shall, for the purposes of this Ordinance, be deemed to be the pensionable emoluments of such member during the period concerned.

15. (1) Any person in the service of a Government department or of an institution for higher education or other institution or body approved by the Administrator for this purpose, in which he has to contribute to a pension or provident fund and who is appointed without a break in his service as an employee or who without a break in his service becomes liable to contribute to such fund, shall, subject to the provisions of section five, contribute to the fund according to the scale set forth in section three.

(2) Any person so appointed or becoming liable as aforesaid, may elect in writing within sixty days after he has been called upon by the Secretary to do so, to reckon his past service as pensionable service under this Ordinance, and if he so elects, he shall pay to the fund an amount which would have been payable by or in respect of him to the fund during his previous service had he during that period been a member of the fund. Interest on such contributions at the rate of five per cent per annum shall be deposited into the fund from revenue. Such interest shall be compounded annually as at the thirty-first day of March and calculated according to the dates on which the contributions would have been payable: Provided that —

- (i) from the amount payable by the member plus the interest payable from revenue there shall be deducted any sum paid to the fund by such Government department, institution or body in respect of such past pensionable service; and
- (ii) if such sum is less than the amount payable to the fund in terms of this sub-section, the balance, after the interest has been deposited from revenue, may be paid in instalments by the member within the period and upon the conditions determined by the Secretary.

16. (1) If a member is appointed without a break in his service to a Government department or an institution for higher education or any other institution or body approved by the Administrator for this purpose, in which he is subject to a pension or provident fund and becomes a contributor to another fund as from the date of such appointment and is permitted and elects to contribute to the other fund in respect of his past pensionable service, there shall be transferred from the fund to such other fund an amount equal to twice his own contributions together with interest at the rate of five per cent on such contributions, and such interest shall be compounded annually as at the thirty-first day of March, and calculated according to the dates upon which the contributions became payable. If the amount so to be transferred exceeds the amount which is required in respect of such past pensionable service by the other fund, then only the amount so required by such other fund shall be transferred and the excess dealt with as the Secretary may direct. Any shortfalls shall be dealt with as the Secretary may direct.

(2) As 'n lid wat in enige sodanige diens aangestel word, nie toegelaat word om ten opsigte van sy vorige pensioengewende diens by te dra nie of nie aldus bydra nie hoewel hy toegelaat word om dit te doen, kan hy binne een maand nadat hy deur sodanige staatsdepartement, inrigting of liggaam versoek is om dit te doen, skriftelik kies —

- (a) òf om ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ordonnansie behandel te word asof hy vrywillig afgetree het;
- (b) òf dat daar, as hy om enige rede uit die diens van sodanige departement, administrasie, inrigting of liggaam tree, ontslaan of afgedank word, aan homself, of, in die geval van sy dood, aan sy afhanklikes uit die fonds of uit inkomste, na gelang, die pensioen betaal word waartoe hy op die datum van sodanige aanstelling ten opsigte van sy pensioengewende diens geregtig sou gewees het as hy op daardie datum om dieselfde rede afgetree het of ontslaan of afgedank was of as hy op daardie datum oorlede is: Met dien verstande dat, as die lid aldus aftree of ontslaan word vanweë die leeftyd wat hy bereik het, enige pensioen slegs betaalbaar is met ingang van die datum waarop hy 'n leeftyd bereik het waarop hy kon geëis het om op pensioen gestel te word.

(3) As die lid in gebreke bly om ooreenkomstig subartikel (2) te kies, word beskou dat hy gekies het om die uitkerings aan te neem wat in paragraaf (a) van genoemde subartikel vermeld staan.

17. Met ingang van die bepaalde datum moet daar uit inkomste aan die fonds betaal word —

- (1) aan die end van elke maand, 'n bedrag gelyk aan die totaal van die bydraes wat gedurende daardie maand ooreenkomstig artikel *drie* deur lede aan die fonds betaal is;
- (2) op die een-en-dertigste dag van Maart elke jaar —
 - (a) 'n bedrag gelyk aan die totaal van die bydraes ten opsigte van vorige pensioengewende diens waarvoor lede ooreenkomstig artikel *vier* aanspreeklik geword het;
 - (b) rente teen vier persent per jaar op
 - (i) twee maal die bedrag van die in sub-paragraaf (a) vermelde bydraes, en sodanige rente moet jaarliks saamgestel word en moet bereken word op grondslag van die datums waarop vermelde bydraes betaalbaar sou geword het as die lede sedert die aanvang van die tydperke van hul vorige diens bydraers was;
 - (ii) die bedrag van enige bydraes wat ooreenkomstig artikels *vier* en *vyftien* deur lede verskuldig is en onvereffen bly aan die end van elke maand gedurende die tydperk ten opsigte waarvan die rente betaal word, en sodanige rente moet op 'n maandelikse grondslag bereken word; en
 - (iii) die gemiddelde van die onbelegde bedrae in die fonds aan die end van elke maand gedurende die tydperk ten opsigte waaraan die rente betaal word.

18. (1) Alle bedrae wat aan die fonds betaal word, moet vir krediet van die fonds by die Administrasie inbetaal word.

(2) Daardie deel van die aldus inbetaalde bedrae wat nie vir lopende doeleindes nodig is nie, moet vir belegging by die Staatskuldkommissaris gedeponeer word.

(3) As die totale beleggings van die fonds gedurende enige boekjaar 'n gemiddelde jaarlikse rentekoers van minder as vier persent oplewer, moet 'n bedrag gelyk aan die tekort uit inkomste in die fonds gestort word sodra die tekort vasgestel is.

19. (1) Die Administrateur laat volledige en juiste rekeninge van die fonds byhou, en sodanige rekeninge moet besonderhede verstrek —

- (a) in verband met alle bedrae betaal of verskuldig —
 - (i) aan die fonds deur lede;

(2) If a member who is appointed to any such service is not permitted to contribute in respect of his past pensionable service, or, if so permitted, does not so contribute, he may elect in writing within one month after he has been called upon to do so by such Government department, institution or body, either —

- (a) to be dealt with under the provisions of this Ordinance as if he had retired voluntarily; or
- (b) if for any reason he should retire, or be retired or discharged from the service of such department, administration, institution or body, that he, or in the event of his death, his dependants, be granted out of the fund or from revenue the pension to which he would have been entitled on the date of such appointment in respect of his pensionable service, had he, on that date retired, or been retired or discharged for the same reason, or had he died on that date: Provided that if such member so retires or is discharged by reason of the age which he has attained, any such pension shall only be payable as from the date on which he attains an age at which he could have claimed to be pensioned.

(3) If such member fails to make an election in terms of sub-section (2) he shall be deemed to have elected to accept the benefits referred to in paragraph (a) of the said sub-section.

17. There shall be paid out of revenue to the fund, with effect from the fixed date —

- (1) at the end of each month an amount equal to the aggregate of the contributions paid to the fund by members during that month in terms of section *three*;
- (2) on the thirty-first day of March in each year —
 - (a) an amount equal to the aggregate of the contributions in respect of past pensionable service for which members may have become liable in terms of section *four*;
 - (b) interest at the rate of four per cent per annum on —
 - (i) twice the amount of the contributions referred to in sub-paragraph (a), such interest to be compounded annually and calculated according to the dates on which the said contributions would have become payable had the members been contributors as from the beginning of the periods of their past pensionable service;
 - (ii) the amount of any contributions due by members in terms of sections *four* and *fifteen* which remain unpaid at the end of each month during the period in respect of which the interest is paid, such interest to be calculated on a monthly basis; and
 - (iii) the average of the uninvested amounts in the fund at the end of each month during the period in respect of which the interest is paid.

18. (1) All the amounts paid to the fund shall be lodged with the Administration to the credit of the fund.

(2) So much of the amounts so lodged as is not required for current purposes shall be deposited with the Public Debt Commissioners for investment.

(3) If the total investments of the fund produce during any financial year an average annual rate of interest lower than four per cent, a sum equal to the deficit shall, as soon as the deficit is ascertained, be paid to the fund from revenue.

19. (1) The Administrator shall cause full and true accounts of the fund to be kept, showing particulars in connection with —

- (a) all amounts paid or due —
 - (i) to the fund by members;

- (ii) uit die fonds aan lede of hul afhanklikes of aan ander persone;
 - (iii) aan die fonds uit inkomste of aan inkomste uit die fonds;
 - (iv) aan of uit die fonds ooreenkomstig artikels *vyftien* en *sestien*.
- (b) in verband met enige ander aangeleentheid ten opsigte waarvan dit nodig is om vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie 'n rekening by te hou, of sodat 'n aktuariële waardering van die fonds te eniger tyd uitgevoer kan word.

20. (1) Die fonds se bate en laste op die een-en-derdertigste dag van Maart 1964, en elke vyf jaar daarna, moet gewaardeer word deur 'n aktuaris wat enige oorskot of tekort ten opsigte daarvan verklaar en daaroor aan die Administrateur verslag doen. Sy verslag moet in die Wetgewende Vergadering ter Tafel gelê word en wel, indien die Wetgewende Vergadering dan sitting hou, binne 'n maand na die ontvangs daarvan deur die Administrateur, of, indien die Wetgewende Vergadering nie dan sitting hou nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende sitting.

(2) As die aktuaris in sodanige verslag sertifiseer dat daar 'n aansienlike oorskot of 'n aansienlike tekort is, kan die bydraes betaalbaar deur of ten opsigte van lede of enige klas lede na gelang van omstandighede verhoog of verlaag word en wel in die mate en met ingang van die datum wat die Administrateur op aanbeveling van die aktuaris bepaal. Die tariewe waarteen bydraes ten opsigte van lede uit inkomste betaalbaar is, mag egter nie so verlaag word dat hulle laer is as die tariewe waarteen bydraes deur lede betaalbaar is nie.

(3) Die Administrateur se beslissing kragtens subartikel (2) moet in die Wetgewende Vergadering ter Tafel gelê word binne 'n jaar na die aktuaris se verslag.

21. Die Administrateur bestuur sake van die fonds en die koste daarvan en van enige aktuariële ondersoek en van verbandhoudende aangeleenthede word uit inkomste betaal.

22. Tensy anders bepaal is, moet alle pensioene wat kragtens hierdie ordonnansie betaalbaar is, uit die fonds betaal word.

23. (1) As 'n jaargeldtrekker aan 'n misdryf skuldig bevind en daarom sonder die keuse van 'n boete tot langer as twaalf maande gevangenisstraf gevonniss word, moet betaling van die jaargeld aan hom gestaak word.

(2) Gedurende die jaargeldtrekker se gevangenhouding word die jaargeld, of 'n deel daarvan, uitbetaal in die verhouding aan, of ten behoeve van, een of meer van sy afhanklikes, al na die Administrateur bepaal.

(3) Wanneer die jaargeldtrekker uit die gevangenis ontslaan word, moet die betaling van die jaargeld aan hom hervat word en moet enige deel van sy jaargeld wat teruggehou is, ook aan hom uitbetaal word.

24. As die boedel van 'n jaargeldtrekker gesekwestreer of hy daarvan afstand doen, maak die jaargeld nie deel van die bate van sy insolvente of afgestande boedel uit nie.

25. (1) Geen reg ten opsigte van 'n pensioen kan oordra of verpand word nie, en dit is nie aan beslaglegging of aan enige vorm van eksekusie kragtens 'n hofuitspraak of -bevel onderhewig nie.

(2) As iemand enige reg ten opsigte van enige sodanige pensioen probeer sedgeer of verpand, kan die uitbetaling van sodanige pensioen op las van die Administrateur teruggehou, opgeskort of gestaak word. Die Administrateur kan egter gelas dat sodanige pensioen of 'n deel daarvan gedurende 'n deur hom bepaalde tydperk aan een of meer van sodanige persoon se afhanklikes betaal word.

26. As 'n uitkering ooreenkomstig hierdie Ordonnansie aan of ten opsigte van 'n lid verskuldig is en nie binne twaalf maande na die datum van die lid se aftrede, bedanking, ontslag of dood opgeëis word nie, moet die uitkering so spoedig doenlik daarna in inkomste gestort word, en as die lid of sy afhanklikes later die uitbetaling

- (ii) out of the fund to members or their dependants, or to other persons;
- (iii) to the fund from revenue or to revenue from the fund;
- (iv) to or from the fund in terms of sections *fifteen* and *sixteen*; and

(b) any other matter for which it is necessary to keep an account for the purposes of this Ordinance, or in order that an actuarial valuation of the fund may be made at any time.

20. (1) The assets and liabilities of the fund as at the thirty first day of March, 1964, and every five years thereafter, shall be valued by an actuary who shall declare any surplus or deficit which appears therein and report thereon to the Administrator. His report shall be laid upon the Table of the Legislative Assembly within one month of the Administrator's receipt thereof if the Legislative Assembly is then in session, or, if it is not then in session, within fourteen days of its next ensuing session.

(2) If the actuary certifies in such report that there is a substantial surplus or that there is a substantial deficit, the contributions payable by or in respect of members, or of any class of members, may be reduced or increased, as the case may be, to such an extent and from such a date as the Administrator, on the recommendation of the actuary, may determine. The rates at which contributions are payable in respect of members from revenue shall not, however, be reduced to less than the rates at which contributions are payable by members.

(3) The decision of the Administrator under subsection (2) shall be laid upon the Table of the Legislative Assembly within one year after the actuary's report.

21. The business of the fund shall be conducted by the Administrator and the costs in connection therewith and of any actuarial investigation and matters incidental thereto shall be paid from revenue.

22. All pensions payable under this Ordinance shall, except where otherwise provided, be paid out of the fund.

23. (1) If an annuitant is convicted of any offence, and sentenced therefor to any term of imprisonment exceeding twelve months without the option of a fine, payment of the annuity to him shall be discontinued.

(2) During such annuitant's imprisonment, the annuity or portion thereof shall be paid to, or for the benefit of, one or more of his dependants and according to such allocation amongst them as the Administrator may determine.

(3) On the discharge of such annuitant from prison the payment to him of the annuity shall be resumed and he shall also be paid any portion of his annuity which may have been withheld.

24. If an annuitant's estate is sequestrated or assigned, the annuity shall not form part of the assets in his insolvent or assigned estate.

25. (1) No right in respect of a pension may be ceded or hypothecated, and any such right shall not be liable to be attached or to be subject to any form of execution under a judgment or order of the court.

(2) If a person attempts to cede or hypothecate any rights in respect of any such pension, the payment of such pension may, if the Administrator so directs, be withheld, suspended or discontinued. The Administrator may, however, direct that such pension or a part thereof be paid to one or more of such person's dependants during such period as he may determine.

26. If a benefit due to or in respect of a member in terms of this Ordinance has not been claimed within a period of twelve months from the date of retirement, resignation, discharge or death of the member, such benefit shall, as soon as may be feasible thereafter, be paid to revenue, and if such member or his dependants subse-

daarvan eis, moet 'n bedrag gelyk aan vermelde uitkering uit inkomste aan of ten behoeve van die daarop geregtigde persoon betaal word.

27. (1) As die Sekretaris oortuig is dat dit om een of ander rede onwenslik is om die hele bedrag van 'n pensioen wat kragtens hierdie Ordonnansie aan iemand betaalbaar is, aan so iemand self te betaal, kan die Sekretaris gelas dat die pensioen of 'n gedeelte daarvan aan iemand anders betaal word op die voorwaardes wat betref die beheer daarvan ten bate van so 'n pensioentrekker of sy afhanklikes wat die Sekretaris bepaal.

(2) Nieteenstaande die bepalings van hierdie Ordonnansie, of van enige ander wet, kan enige bedrag wat 'n lid om enige rede hoegenaamd aan die Administrasie skuld, insluitende die bedrag van enige tekort, verlies of skade weens 'n onregmatige daad deur sodanige lid, afgetrek word, op 'n wyse wat die Administrateur bepaal, van die pensioen wat ingevolge hierdie Ordonnansie aan hom betaalbaar is: Met dien verstande dat geen pensioen uitbetaal word nie tensy die Kontroleur en Ouditeur-generaal sertifiseer dat daar geen sodanige bedrag aan die Administrasie verskuldig is nie.

28. Die Administrateur en die Sekretaris kan alle of enigeen van die bevoegdthede wat hierdie Ordonnansie aan hulle verleen aan enige beampete deleger op voorwaardes wat hulle stel.

29. Die Administrateur kan regulasies wat bestaanbaar is met hierdie Ordonnansie uitvaardig in verband met enige aangeleenthede ten opsigte waarvan hy voorsiening nodig of dienstig ag ten einde die bepalings van hierdie Ordonnansie doelmatig en gerieflik toe te pas.

30. Hierdie Ordonnansie heet die Administrasiewerknemerspensioenordonnansie, 1959.

No. 20 van 1959.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Vakleerlinge Ordonnansie 1938

(Goedgekeur 18 Junie 1959.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Die onderstaande artikel word hierby na artikel tien in die Vakleerlinge Ordonnansie 1938 (Ordonnansie 12 van 1938) ingevoeg — hierna heet hierdie Ordonnansie die hoofordonnansie:—

„Skorsing van vakleerlinge.

10bis (1) As 'n werkgewer oortuig is dat 'n vakleerling wat deur 'n kontrak ingevolge hierdie Ordonnansie aan hom gebonde is, 'n ernstige oortreding van die bepalings van die kontrak of van 'n leerlingskapvoorwaarde begaan het, kan hy die vakleerling onmiddellik in sy diens skors vir 'n tydperk van hoogstens dertig werksdae of vir die verdere tydperk wat die betrokke komitee van tyd tot tyd toestaan.

(2) As 'n vakleerling na die mening van die inspekteur opgetree het op 'n wyse wat sy skorsing kragtens subartikel (1) regverdig, en hy nie deur die betrokke werkgewer geskors is nie, kan die inspekteur te eniger tyd, na raadpleging met die betrokke komitee, by skriftelike kennisgewing beveel dat die vakleerling in sy diens geskors word vanaf die datum en vir die tydperk, maar hoogstens dertig werksdae, wat hy bepaal.

(3) 'n Werkgewer wat 'n vakleerling aldus geskors het, moet die saak binne drie dae

quently claim payment thereof, an amount equal to the said benefit shall be paid out of revenue to or for the benefit of the person entitled to it.

27. (1) If the Secretary is satisfied that it is for any reason undesirable to pay the whole amount of any pension due to any person under this Ordinance, to that person, the Secretary may direct that the pension or a part thereof be paid to some other person on such conditions relating to its control in favour of such pensioner or his dependants as the Secretary may determine.

(2) Notwithstanding any provision in this Ordinance, or any other law, any amount due to the Administration by a member arising out of any cause whatsoever including the amount of any deficiency, loss or damage caused by any wrongful act of such member, may, in such manner as the Administrator may determine, be deducted from the pension payable to such member under this Ordinance, provided that no pension shall be paid out unless the Controller and Auditor-General has certified that no such amount is due to the Administration.

28. The Administrator and the Secretary may delegate all or any of the powers conferred upon them by this Ordinance, to any officer on such conditions as they may determine.

29. The Administrator may make regulations not inconsistent with this Ordinance in respect of any such matters as he may deem necessary or expedient to provide for in order that the provisions of this Ordinance may be effectively and conveniently administered.

30. This Ordinance shall be called the Administration Employees Pension Ordinance 1959.

No. 20 of 1959.]

ORDINANCE

To amend the Apprenticeship Ordinance, 1938.

(Assented to 18th June, 1959.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The following section is hereby inserted in the Apprenticeship Ordinance, 1938 (Ordinance 12 of 1938), hereinafter called the principal Ordinance, after section ten:

“Suspension of apprentices

10bis (1) If an employer is satisfied that an apprentice bound to him by a contract under this Ordinance has committed a serious breach of the terms of the contract or of any condition of apprenticeship, he may forthwith suspend the apprentice for a period not exceeding thirty working days, or such further period as the committee concerned may from time to time allow.

(2) If in the opinion of the inspector an apprentice has acted in a manner justifying his suspension under sub-section (1), and he has not been suspended by the employer concerned, the inspector may at any time, after consultation with the committee concerned, by written notice order the suspension of the apprentice as from such date and for such period, not exceeding thirty working days, as he may determine.

(3) Any employer who has so suspended an apprentice shall report the matter in writ-

na die skorsing skriftelik by die betrokke komitee aanmeld.

(4) Die komitee moet die saak so spoedig doenlik ondersoek en die skorsing van die vakleerling kragtens subartikel (1) bekragtig, wysig of ter syde stel.

(5) As die komitee die skorsing van die vakleerling kragtens subartikel (4) wysig of ter syde stel, kan hy beveel dat 'n deel of die hele bedrag van die loon wat moontlik tydens die duur van die skorsing van die vakleerling weerhou is, aan die Sekretaris betaal moet word binne die tydperk wat die komitee bepaal.

(6) 'n Bevel wat kragtens subartikel (5) gegee is en 'n beslissing kragtens subartikel (7) ten opsigte van so 'n bevel (buiten 'n opheffing daarvan) het die uitwerking van 'n siviele vonnis ten gunste van die Administrasie en kan ten uitvoer gelê word asof dit so 'n vonnis is, en die Sekretaris betaal enige bedrag wat hy ingevolge die bevel of beslissing ontvang aan die vakleerling, of, as hy 'n minderjarige is, aan sy voog.

(7) As 'n werkgewer of vakleerling hom veronreg voel deur 'n beslissing van 'n komitee kragtens hierdie artikel, of as die komitee versuim om binne 'n tydperk van drie maande 'n beslissing te gee, kan hy hom te eniger tyd binne dertig dae na die beslissing op die inspekteur beroep, of na verstryking van die tydperk van drie maande, na gelang, die saak aan die inspekteur voorlê, en die inspekteur kan, na raadpleging met die komitee, die beslissing bekragtig of die ander beslissing gee wat die komitee syns insiens moes gegee het, of die saak beslis, na gelang.

(8) Die skorsing van 'n vakleerling onthef hom nie van die verpligting om enige leerlingskapvoorwaardes na te kom wat kragtens paragraaf (f) van subartikel (1) van artikel *dertien* voorgeskryf is nie."

ing to the committee concerned within three days of the suspension.

(4) The committee shall, as soon as may be, enquire into and confirm, vary or set aside any suspension under sub-section (1).

(5) If the committee varies or sets aside the suspension of an apprentice under sub-section (4) it may order that any or all of the wages which may have been withheld from the apprentice during the period of suspension, be paid to the Secretary within such period as the committee may direct.

(6) An order made under sub-section (5) and any decision under sub-section (7) in respect of any such order (other than a rescission thereof), shall have the effect of, and may be executed as if it were, a civil judgement in favour of the Administration and the Secretary shall pay any amount received by him in pursuance of the order or decision to the apprentice, or if he is a minor, to his guardian.

(7) If an employer or apprentice feels aggrieved by any decision of a committee under this section, or if the committee fails to give any decision within a period of three months, he may at any time within thirty days of the decision, or on the expiry of the said period, as the case may be, appeal or submit the matter to the inspector, who may, after consultation with the committee, confirm its decision or give such other decision as in his opinion it ought to have given, or decide the matter, as the case may be.

(8) The suspension of an apprentice shall not release him from compliance with any condition of apprenticeship prescribed under paragraph (f) of sub-section (1) of section *thirteen*."

2. Die onderstaande artikel word hierby na artikel *twintig* van die hoofordonnansie ingevoeg:—

„Vrystelling deur
Administrateur.

20bis. (1) Nieteenstaande andersluitende bepalinge in hierdie Ordonnansie kan die Administrateur, as daar syns insiens spesiale omstandighede heers wat vrystelling regverdig, op aanbeveling van die betrokke vakleerlingskomitee enige klas, groep, afdeling of soort werkgewers of vakleerlinge of in die algemeen of met die beperkings wat hy goed vind en op die voorwaardes wat hy stel, vrystel van almal of van enige van die bepalinge van hierdie Ordonnansie of van enige leerlingskapvoorwaarde.

(2) Die Administrateur kan, na raadpleging met die betrokke komitee, as daar syns insiens spesiale omstandighede heers wat vrystelling regverdig, enige persoon of in die algemeen of met die beperkings wat hy goed vind en op voorwaardes wat hy stel en vir die tydperk wat hy bepaal, middels 'n vergunning onderteken deur die inspekteur, vrystel van almal of van enige van die bepalinge van hierdie Ordonnansie, of van enige leerlingskapvoorwaarde of van enige voorwaarde gestel kragtens subartikel (1).

(3) Die Administrateur kan van tyd tot tyd skriftelik onder sy handtekening en op die voorwaardes wat hy goed vind, almal of enige van die bevoegdhede wat hierdie artikel aan hom verleen, oordra aan 'n beampte in die Administrasie se diens, en kan so 'n oordrag intrek.

(4) 'n Vrystelling, kragtens subartikel (1) of (2) kan na raadpleging met die betrokke komitee te eniger tyd na goeddunke van die Administrateur of 'n beampte aan

2. The following section is hereby inserted after section *twenty* of the principal Ordinance:—

“Exemption by
the Adminis-
trator.

20bis. (1) Notwithstanding anything in this Ordinance contained the Administrator may, if in his opinion special circumstances exist which justify exemption, on the recommendation of the apprenticeship committee concerned, exempt any class, group, section or type of employers or apprentices, either generally or with such restrictions as he may deem fit and subject to any conditions he may impose, from all or any of the provisions of this Ordinance, or from any condition of apprenticeship.

(2) The Administrator may, after consultation with the committee concerned, if in his opinion special circumstances exist which justify exemption, under licence signed by the inspector, exempt any person, either generally or with such restrictions as he may deem fit and subject to any conditions he may impose and for such period as he may specify, from all or any of the provisions of this Ordinance, or from any condition of apprenticeship or from any condition imposed under sub-section (1).

(3) The Administrator may from time to time by writing under his hand and subject to such conditions as he may deem fit delegate all or any of the powers conferred upon him by this section to any officer in the service of the Administration, and withdraw any such delegation.

(3) Waar 'n raadslid of sy gade geldelike belange het — hetsy om sy eie ontwil of die van sy gade, of ten behoeve van enige vennootskap, firma of maatskappy of ander handelsliggaam met regspersoonlikheid, waarin hy of sy gade regstreekse of onregstreekse geldelike belange het of kan verkry — in 'n kontrak met die munisipaliteit vir die lewering van 'n diens of goedere, hetsy ingevolge so 'n kontrak die raad of dan wel die ander kontraktant sodanige diens of goedere lewer, is dit die plig van so 'n raadslid om voor of op die raadsvergadering waarop sodanige kontrak goedgekeur word as sy belange dan bestaan, of as hulle daarna verwerf word, dan binne 'n redelike tydperk, maar in elk geval hoogstens een maand na die verwerwing van sodanige belange, dit aan die raad te openbaar, en as sodanige openbaarmaking nie op 'n vergadering van die raad geskied nie, moet dit middels 'n brief wat aan die stadsklerk gerig en afgelewer moet word, gedoen word, en die stadsklerk moet op die eerste vergadering na ontvangs van sodanige brief verslag daaroor aan die raad doen, en enige sodanige openbaarmaking moet aangeteken word in die notule van daardie raadsvergadering waarop die raadslid sy openbaarmaking gedoen het of die stadsklerk sodanige openbaarmaking gerapporteer het, en die raad moet dit onmiddellik skriftelik aan die Administrateur rapporteer.

(4) 'n Raadslid wat hierdie artikel oortree deur te versuim om sy belange in 'n kontrak met die munisipaliteit te openbaar soos hierby vereis word, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond, en die hof wat hom veroordeel, kan beveel dat hy rekenskap gee van enige winste wat hom ten opsigte van so 'n kontrak toeval, en hulle aan die raad uitbetaal, en dat hy sy amp moet ontruim, en daarop word sy amp vakant: Met dien verstande egter dat die hof nie so 'n bevel doen nie as daar bewys word dat 'n raadslid se versuim om so 'n openbaarmaking te doen, te wyte was aan tekste, afwesigheid buite die munisipaliteit, vergissing, onopsetlikheid of 'n ander

vent the Administrator from instituting *ex mero motu* a committee of enquiry;

- (d) The Administrator shall as soon as possible consider the report and recommendations of the council as well as the report, if any, of such committee of enquiry and shall find relative to the provisions of this section, that the councillor in question —

- (i) has not contravened the provisions of this section, in which case the councillor shall retain his seat; or
- (ii) has contravened the said provisions, but that the action of the councillor was inadvertent or was in the public interest, in which case the councillor shall retain his seat; or
- (iii) has contravened this section and that the mitigating circumstances mentioned in sub-paragraph (ii) are absent, in which case the councillor shall forfeit his seat.

The Administrator shall forthwith notify the town clerk of his decision in writing and the latter shall immediately inform the councillor in question thereof and in the case of sub-paragraph (iii) he shall take immediate steps in terms of this Ordinance to fill the vacancy so created.

(3) Where any councillor or his spouse is pecuniarily interested either on his own behalf or on that of his spouse, or on behalf of any partnership, firm or company or other corporate trading body in which he or his spouse has or would derive any direct or indirect pecuniary interest in any contract with the municipality for the performance of any service or the supply of any material, whether under such contract such service is to be performed or such material is to be supplied by the council or the other party to the contract, it shall be the duty of such councillor, before or at the meeting of the council at which such contract is approved, if his interest then exists, or if his interest is subsequently acquired, then within a reasonable time and in any case not later than one month after the acquisition of such interest, to disclose the same to the council, and such disclosure, if not made at a meeting of the council, shall be made by letter addressed and delivered to the town clerk, which shall be reported by him to the council at the first meeting held after the receipt of such letter, and any such disclosure shall be entered in the minutes of the meeting of the council at which the same is made by the councillor or reported by the town clerk, and shall forthwith be reported in writing by the council to the Administrator.

(4) Any councillor who contravenes this section by omitting to disclose his interest in any contract with the council as hereby required shall be liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds, and the court before which he is convicted may order that he shall account for and pay over to the council any profits which may accrue to him in respect of such contract, and that he shall vacate his seat and his seat shall thereupon become vacant: Provided, however that the court shall not make such order if it is proved that the omission of any councillor to make such disclosure was due to illness, absence from the municipality, mis-

dergelike oorsaak, en nie aan kwade trou nie."

3. Artikel *sewentien* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die voorbehoud daarvan te vervang deur die onderstaande voorbehoud:—

„Met dien verstande dat waar raadslede ingevolge 'n besluit van die raad gemagtig is om weens raadsake te reis die onderhoudstoelae aan hulle betaal kan word wat die Administrateur van tyd tot tyd in die *Offisiële Koerant* voorskryf: Met dien verstande voorts dat die raad besluit watter soort vervoer so 'n raadslid moet gebruik, en dat die raad of self sodanige vervoer kan verskaf of die raadslid kan vergoed vir die nodige uitgawes wat hy in verband met sodanige vervoer aangegaan het."

4. Artikel *twee-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Bedanking deur raadslede.

22. Elkeen wat tot die amp van burgemeester, onderburgemeester, raadslid of adviseur van 'n komitee van 'n raad gekies of aangestel is, kan middels 'n skriftelike mededeling aan die stadsklerk uit sodanige amp bedank, en van die datum waarop die stadsklerk sodanige mededeling ontvang het, of van die datum wat in sodanige mededeling genoem word, na gelang, hou so iemand op om burgemeester, onderburgemeester, raadslid of adviseur, na gelang, te wees."

5. Artikel *drie-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur —

(a) die vervanging van subartikel (2) deur die onderstaande subartikel:—

„(2) Wanneer ook al sodanige buitengewone vakature ontstaan, moet die stadsklerk sodra moontlik daarna verslag daarvan doen by die burgemeester of die Administrateur, na gelang, en daarop verklaar die burgemeester of die Administrateur, na gelang, sodanige raadslid se amp vakant."

(b) die vervanging van subartikel (3) deur die onderstaande subartikel:—

„(3) Vakatures wat ontstaan weens die redes genoem in paragrafe (a) en (b) van subartikel (1) hiervan, word deur die burgemeester as sodanig verklaar, of as hy versuim om dit binne 'n redelike tyd te doen, deur die Administrateur.

Vakatures wat ontstaan weens die redes genoem in paragrafe (c), (d), (e) en (f) van subartikel (1) kan, onderhewig aan 'n beroep op die Hoë Hof van Suidwes-Afrika, deur die Administrateur as sodanig verklaar word, na sodanige ondersoek soos hy nodig en behoorlik ag, of deur die genoemde Hoë Hof in enige proses waarin sodanige onbevoegdheid of diskwalifikasie bewys word, of deur enige hof wat weens enige oortreding 'n diskwalifiserende vonnis vel. By 'n beroep teen die optrede van die Administrateur hieringevolge, kan die Sekretaris van Suidwes-Afrika, of persoonlik of deur 'n advokaat, namens die Administrasie verskyn."

6. Artikel *vyf-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby herroep.

7. Artikel *ses-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord „ontstaan" waar ook al dit voorkom, te vervang deur die woorde „verklaar word."

8. Artikel *ses-en-veertig bis* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord „ontstaan" waar dit vir die eerste keer voorkom, te vervang deur die woorde „verklaar word", en die woorde „Ontstaan so 'n vakature egter" te vervang deur die woorde „Word so 'n vakature egter verklaar."

9. Artikel *agt-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Kennisgewing van verkiesing.

48. (1) Behoudens die bepalinge van artikels *ses-en-veertig* en *ses-en-veertig bis* moet die kiesbeampte binne sewe dae van die

take, inadvertence or some other like cause, and was not due to any want of good faith."

3. Section *seventeen* of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution of the following proviso for the proviso thereto:—

“Provided that councillors authorised by resolution of the council to travel on council business may be paid such subsistence allowance as the Administrator may by notice in the *Official Gazette* from time to time prescribe: Provided further that the council shall decide on the form of transport to be used by such councillor and that the council may either provide such transport or reimburse such councillor for any necessary expenditure incurred by him in connection with such transport."

4. The following section is hereby substituted for section *twenty-two* of the principal Ordinance:

“Resignation of councillors.

22. Any person elected or appointed to the office of mayor, deputy mayor, councillor or adviser of a committee of a council may resign such office by written communication addressed to the town clerk, and such person shall cease to be mayor, deputy mayor, councillor or adviser as the case may be, from the date of the receipt of such communication by the town clerk or from any date specified in such communication as the case may be."

5. Section *twenty-three* of the principal Ordinance is hereby amended by:

(a) the substitution of the following sub-section for sub-section (2):—

“(2) Whenever such extraordinary vacancy occurs the town clerk shall as soon as possible thereafter report the same to the mayor or the Administrator, as the case may be, and the mayor or the Administrator, as the case may be, shall thereupon declare the seat of such councillor vacant."

(b) the substitution of the following sub-section for sub-section (3):—

“(3) Vacancies on the grounds mentioned in paragraphs (a) and (b) of sub-section (1) hereof shall be declared by the mayor, or in his default, within a reasonable time, by the Administrator.

Vacancies on the grounds mentioned in paragraphs (c), (d), (e) and (f) of sub-section (1) may, subject to an appeal to the High Court of South West Africa, be declared by the Administrator after such inquiry as he may deem necessary and proper, or by the said High Court in any proceedings in which any such disqualification is established or by any court passing any disqualifying sentence for any offence. In the case of an appeal against the Administrator's action hereunder the Secretary for South West Africa may appear on behalf of the Administration either personally or through counsel."

6. Section *forty-five* of the principal Ordinance is hereby repealed.

7. Section *forty-six* of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution of the words “is declared” for the words “occurs” and “occur” wherever they appear.

8. Section *forty-six bis* of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution of the words “is declared” for the word “occurs” wherever it appears.

9. The following section is hereby substituted for section *forty-eight* of the principal Ordinance:—

“Notice of election.

48. (1) Subject to the provisions of sections *forty-six* and *forty-six bis*, within seven days of the declaration of a vacancy

verklaring van 'n vakature in die raad, hetsy sodanige vakature deur verloop van tyd ontstaan het of 'n buitengewone vakature is, 'n kennisgewing plaas in een of meer nuusblaaië wat binne die munisipaliteit omloop, en sodanige kennisgewing buite die kantoor van die raad aanplak en aangeplak hou, en in sodanige kennisgewing moet hy 'n dag bepaal, hoogstens *een-en-twintig* en minstens veertien dae na die datum van sodanige kennisgewing, as die nominasiedag vir die verkiesing van kandidate, en hy moet vereis dat alle sodanige kandidate voor elfuur voormiddag op die nominasiedag op 'n plek binne die munisipaliteit wat sodanige kennisgewing aangee en op die wyse hieronder beskryf, benoem moet word: Met dien verstande dat waar 'n munisipaliteit in wyke verdeel is, waar al die raadslede saam weens verloop van tyd aftree, die kiesbeampte die kennisgewings wat hierdie artikel en artikel *drie-en-veertig* vereis, lank genoeg voor die werklike aftreedatum van sodanige raadslede kan publiseer, om toe te laat dat die verkiesing van hul opvolgers, as daar 'n verkiesing moet plaasvind, binne sewe dae na die datum van hul aftrede gehou word. As hierdie prosedure gevolg word, en die getal benoemde kandidate minder is as, of gelyk is aan, die getal vakatures, word die aldus benoemde kandidate as verkose verklaar van die datum waarop hul voorgangers aftree.

By 'n eerste verkiesing van raadslede in 'n munisipaliteit wat na die inwerking-treding van hierdie Ordonnansie gestig is, word die kennisgewing wat hierin genoem word, deur die magistraat van die distrik gepubliseer, en moet hy dit ook buite sy kantoor aanplak en aangeplak hou.

(2) 'n Raadslid wat verkies word om 'n buitengewone vakature te vul, aanvaar die amp onmiddellik na so 'n verkiesing en bekleed die amp vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die raadslid wie se plek hy inneem, verkies was.

(3) By die toepassing van hierdie hoofstuk beteken 'n „buitengewone vakature” enige vakature in die amp van raadslid buite 'n vakature wat deur verloop van tyd ontstaan het.”

10. Artikel *negen-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „Voor vier uur in die namiddag van die dag voor die nominasiedag” te vervang deur die woorde „Voor elfuur voormiddag op die nominasiedag.”

11. Artikel *drie-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die onderstaande woorde in te voeg na die woorde „stemplek aangegee word.”:—

„Die dag wat vir die verkiesing bepaal word, moet minstens veertien dae en hoogstens een-en-twintig dae na die nominasiedag wees.”

12. Artikel *ses-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Pliëte van kiesbeampte.

56. Die kiesbeampte moet orde hou by die stemplek, moet reël hoeveel kiesers tegelyk toegelaat moet word, en moet alle ander persone, buite die beamptes, die kandidate, die diensdoende konstabels en een agent vir elke kandidaat op een tydstop, uitsluit.”

13. Paragraaf (a) van subartikel (2) van artikel *eenhonderd sewen-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur —

(a) die woord „inkomste” waar dit in die vyfde, negende en sestiende reël voorkom, te vervang deur die woord „uitgawe”;

(b) die onderstaande woorde aan die slot daarvan in te voeg:—

on the council, whether such vacancy be by effluxion of time or an extraordinary one, the returning officer shall publish a notice in the one or more newspapers circulating within the municipality and shall post such notice and keep it posted outside the offices of the council, and in such notice he shall specify a day, being not more than twenty-one and not less than fourteen days from the date of such notice, as the day of nomination of candidates for the election, and he shall require that all such candidates shall be nominated before 11 a.m. on the day of nomination at some place within the municipality to be fixed in such notice in the manner hereinafter provided: Provided that in the case of a municipality divided into wards where all the councillors retire together by effluxion of time, the returning officer may publish the notices required by this section and section *fifty-three* sufficiently far in advance of the actual date of retirement of the councillors as to permit of the election, if any, of their successors being held within seven days from the date of retirement. In the event of this procedure being adopted and the number of nominated candidates being less than or equal to the number of vacancies, the candidates thus nominated, shall be declared elected from the date of retirement of their predecessors.

In the case of a first election of councillors in any municipality constituted after the commencement of this Ordinance, the notice herein referred to shall be published by the Magistrate of the district, and shall be posted by him and kept posted outside his office.

(2) A councillor who has been elected to fill an extraordinary vacancy, shall assume office immediately after such election and he shall hold office for the unexpired portion of the period for which the councillor, whose place he has taken, had been elected.

(3) For the purposes of this chapter an “extraordinary vacancy” means any vacancy in the office of a councillor other than one occasioned by the effluxion of time.”

10. Section *forty-nine* of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution of the words “Before 11 a.m. on the day of nomination” for the words “Before four o'clock in the afternoon of the day before the day of nomination”.

11. Section *fifty-three* of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion of the following words after the words “polling place.”:—

“The day appointed for the holding of the election shall be not less than fourteen and not more than twenty-one days from the day of nomination.”

12. The following section is hereby substituted for section *fifty-six*:—

“Duties of returning officer.

56. The returning officer shall keep order at the polling place, shall regulate the number of voters to be admitted at a time and shall exclude all other persons except the officials, the candidates, the constables on duty, and one agent of each candidate at a time.”

13. Paragraph (a) of sub-section (2) of section *one hundred and forty-seven* of the principal Ordinance is hereby amended by:—

(a) the substitution of the word “expenditure” for the word “income” wherever it appears;

(b) the insertion of the following words at the end thereof:—

„By die toepassing van hierdie subartikel beteken die uitgawe van 'n munisipaliteit die goedgekeurde beraamde uitgawe van die voorafgaande jaar uit inkomstefondse.”

14. Artikel *eenhonderd-agt-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikels:—

„Stadsklerk en amptenare.

148. (1) Die raad stel van tyd tot tyd 'n stadsklerk en die nodige amptenare aan, mits daar voorsiening gemaak is vir sodanige betrekings in die lopende begroting en in die vaste diensstaat van die raad en mits die Administrateur sowel die begroting en die vaste diensstaat, as die salarisskale van sodanige betrekings skriftelik goedgekeur het.

(2) Elke vaste aanstelling in die betrekking van 'n hoof van 'n departement of teen 'n salarisskaal met 'n maksimum van £1200 per jaar, of meer of teen 'n vaste salaris van £1200 per jaar of meer is onderworpe aan die voorafverkreë goedkeuring van die Administrateur sowel wat betref die keuse van die amptenaar as die voorwaardes waarop hy aangestel word: Met dien verstande dat die raad geen sodanige amptenaar wat met die Administrateur se goedkeuring aangestel is, sonder die Administrateur se voorafverkreë skriftelike goedkeuring mag ontslaan of sy besoldiging mag verminder of tot meer as sy normale skaalverhoging mag vermeerder nie.

(3) Die raad kan persone tydelik in diens neem mits die Administrateur die betrokke uitgawe skriftelik goedgekeur het, en, as die grondloon of -salaris van so 'n tydelike werknemer hoër as £300 per jaar is, die Administrateur sodanige salaris of loon skriftelik goedgekeur het.

(4) 'n Amptenaar wat nie ingevolge hierdie artikel met die Administrateur se goedkeuring aangestel is nie, en wat deur die raad ontslaan word, kan hom skriftelik op die Administrateur beroep teen so 'n ontslag, mits sodanige beroep binne sewe dae na die ontslag gedoen word. Enige amptenaar wat hom aldus beroep moet terselfder tyd 'n afskrif van die beroep aan die stadsklerk van die betrokke munisipaliteit stuur, en die stadsklerk moet die afskrif met die eerste geleentheid aan die raad voorlê.

(5) Niemand mag as amptenaar van 'n munisipaliteit aangestel word as hy in die ses maande onmiddellik voor sodanige aanstelling 'n raadslid van daardie munisipaliteit was nie.

(6) Niemand mag ingevolge die bepalings van hierdie artikel in 'n vaste hoedanigheid of op proef aangestel word nie, tensy hy van goeie karakter is, en vry is van enige geestelike of liggaamlike gebrek, siekte of swakheid wat die uitvoering van sy pligte waarskynlik kan belemmer of sy aftrede uit so 'n betrekking vroeër as op die voorgeskrewe aftree-ouderdom kan genoodsaak, en tensy hy minstens een jaar lank in die Unie of in die Gebied gewoon het: Met dien verstande dat iemand wat nie die bogenoemde woon-kwalifikasies het nie, aangestel kan word as die Administrateur oortuig is dat so 'n aanstelling weens tegniese of professionele kwalifikasies of om 'n ander spesiale rede nodig of wenslik is: Met dien verstande voorts dat geen so 'n aanstelling gedoen mag word nie, tensy die Administrateur die raad skriftelik meegedeel het dat hy aldus oortuig is.

(7) Die amptenare in die diens van die raad is nie onderworpe aan opdragte of bevels van enige raadslid buiten die burge-

“For the purposes of this sub-section the expenditure of a municipality shall mean the approved estimated expenditure of the previous year from revenue funds.”

14. The following sections are hereby substituted for section *one hundred and forty-eight* of the principal Ordinance:—

“Town clerk and officers.

148. (1) The council shall from time to time appoint a town clerk and such officers as may be necessary provided that provision has been made for such posts in the current estimates and on the fixed establishment of the council and that both the estimates and the fixed establishment, as well as the salary scales appertaining to such posts, have been approved by the Administrator in writing.

(2) Every appointment of a permanent nature in the post of a head of a department or on a salary scale with a maximum of £1,200 *per annum* or more, or at a fixed salary of £1,200 *per annum* or more, shall be subject to the prior approval of the Administrator both in regard to the selection of the officer and to the terms on which he is appointed: Provided that no such officer appointed with the approval of the Administrator shall be dismissed by the council or his emoluments reduced or increased beyond his normal scale increment, without the prior written approval of the Administrator.

(3) The council may employ persons on a temporary basis provided that the Administrator has in writing approved of the expenditure concerned and that, if the basic wages or salary of any person so temporarily employed is in excess of £300 *per annum*, such salary or wages have been approved in writing by the Administrator.

(4) Any officer who has not been appointed with the approval of the Administrator in terms of this section and who is dismissed by the council may appeal in writing to the Administrator against such dismissal provided that such appeal is made within seven days of such dismissal. Any officer so appealing shall at the same time forward a copy of such appeal to the town clerk of the municipality concerned and the latter shall lay such copy before the council at the earliest opportunity.

(5) No person shall be appointed as an officer of a municipality who has been a councillor of that municipality during the six months immediately preceding such appointment.

(6) No person shall be appointed under the provisions of this section in a permanent capacity or on probation unless such person is of good character and free from any mental or physical defect, disease or infirmity, which is likely to interfere with the performance of his duty or may render necessary his retirement therefrom earlier than the prescribed age of retirement, and unless he has resided for not less than one year in the Union or in the Territory: Provided that a person may be appointed who has not the aforesaid residential qualifications if the Administrator is satisfied that it is necessary or desirable to make such appointment on account of technical or professional qualifications or for some other special reason: Provided further that no such appointment shall be made unless the Administrator has signified in writing to the council that he is so satisfied.

(7) The officers in the employ of the council shall not be subject to the instructions or orders of any councillor except the

meester of, by sy afwesigheid, die onderburgemeester nie. Sodanige opdragte of bevels moet sover moontlik middels die stadsklerk aan die departementele hoof of betrokke amptenaar oorgedra word, en hulle mag nie onbestaanbaar wees met staande besluite of met die verklaarde beleid van die raad nie, nóg mag hulle uitgawes meebring waarvoor daar geen voorsiening in die goedgekeurde begroting van die raad gemaak is nie. Die bepalinge van subartikel (2) van artikel eenhonderd-agt-en-veertig *bis* geld met die nodige veranderinge ook hierdie subartikel.

(8) Die Raad kan vervoertoelae betaal teen 'n tarief per myl wat die Administrateur goedkeur, aan sodanige van sy werknemers wat hul private voertuie in die diens van die raad moet gebruik. Onderhewig aan die Administrateur se goedkeuring in elke besondere geval kan die raad ook toelae betaal aan sy werknemers ten opsigte van bykomende pligte wat sodanige werknemers verrig wanneer hulle 'n hoër betrekking waarneem, of om ander redes wat die Administrateur genoegsaam ag.

(9) By die toepassing van hierdie en die eersvolgende drie artikels beteken „hoof van 'n departement” die stadsklerk, die stadstoesourier, die stadsingenieur, die elektrotegniese stadsingenieur, die amptenaar wat toesig het oor die munisipaliteit se openbare gesondheidsdepartement, en die amptenaar wat toesig het oor die munisipaliteit se departement vir nie-blanke sake; beteken „amptenaar” 'n werknemer op die vaste diensstaat van die munisipale diens; en beteken „vaste diensstaat” die betrekkings wat die raad as nodig bepaal vir die normale en gereelde vereistes van die munisipale diens, maar sluit uit enigeen wie se basiese salaris minder is as £300 per jaar.

(10) Die bepalinge van hierdie artikel geld nie beamptes en ander persone wat uit die Naturelle-inkomsterekening besoldig word nie.

148*bis*. (1) Die stadsklerk is die uitvoerende en administratiewe hoofamptenaar van die raad. Hy is verantwoordelik vir, en het die toesig oor, al die stukke en aantekeninge van die raad, en hy voer die algemene korrespondensie van die raad. Alle mededelings wat onder die raad se aandag gebring moet word, moet aan hom gerig word, en hy lê hulle voor die raad of die betrokke komitee, na gelang. Hy is ook die gewone instansie waardeur die opdragte van die raad aan die ander hoofde van departemente en aan die personeel van die munisipaliteit moet gaan.

(2) Is enige besluit of opdrag wat die raad op 'n raadsvergadering of 'n komitee van die raad geneem of uitgereik het, syns insiens onwettig of onreëlmstig, moet die stadsklerk onmiddellik sodanige raad of komitee in kennis stel dat so 'n opdrag onwettig of onreëlmstig is. As die raad of komitee desondanks by so 'n besluit of opdrag bly, moet die stadsklerk hierdie feit in die notule van die vergadering waarop dit geopper is, aanteken, en moet die voorsitter van die vergadering of komitee die besluit of opdrag voor die afsluiting van die vergadering skriftelik aan die stadsklerk oordra.

(3) Die stadsklerk of in sy afwesigheid, 'n amptenaar wat hom verteenwoordig moet elke vergadering van die raad en elke vergadering van 'n komitee bywoon, tensy hy of sy verteenwoordiger die vergadering nie kan bywoon nie, of tensy hy of sy verteenwoordiger deur die voorsitter van die vergadering versoek word om hom daaraan te onttrek.

mayor or, in his absence, the deputy mayor. Such instructions or orders shall as far as possible be conveyed to the departmental head or officer concerned through the town clerk, and these shall not conflict with standing resolutions or with the stated policy of the council nor shall they involve expenditure for which no provision has been made on the approved estimates of the council. The provisions of sub-section (2) of section one hundred and forty-eight *bis* shall apply *mutatis mutandis* to this sub-section.

(8) The council may pay transportation allowances at rates per mile approved by the Administrator, to such of its employees who are required to use their private vehicles in the service of the council. The council may also, subject in each case to the approval of the Administrator, pay allowances to its employees in respect of additional duties performed by such employees when acting in a higher post or for some other reason which the Administrator deems sufficient.

(9) For the purposes of this section and the next succeeding three sections “head of a department” shall mean the town clerk, town treasurer, town engineer, town electrical engineer, the officer in charge of the public health department of the municipality and the officer in charge of the non-European affairs department of the municipality, “officer” shall mean an employee on the fixed establishment of the municipal service, and “fixed establishment” shall mean the posts determined by the council as necessary for the normal and regular requirements of the municipal service, but shall not include any persons whose basic salary is less than £300 *per annum*.

(10) The provisions of this section shall not apply to officials and persons paid from the Native Revenue Fund.

148*bis*. (1) The town clerk shall be the chief executive and administrative officer of the council. He shall be responsible for and have charge of all the documents and records of the council and he shall conduct the general correspondence of the council. All communications required to be brought to the attention of the council shall be addressed to him and he shall lay them before the council or committee concerned, as the case may be. He shall also be the normal channel through which the instructions of the council are conveyed to other heads of departments and to the staff of the municipality.

(2) Should any resolution taken or instruction issued by the council at any meeting of the council or committee of the council, be in the opinion of the town clerk illegal or irregular he shall forthwith make known to the council or committee that such resolution or instruction is illegal or irregular. Should the council or committee in spite hereof persist in such resolution or instruction the town clerk shall note these facts in the minutes of the meeting at which it arose and the resolution or instruction shall be conveyed to the town clerk in writing by the chairman of the meeting or committee before the conclusion of the meeting.

(3) Every meeting of the council and every meeting of a committee of the council shall be attended by the town clerk or in his absence by some officer representing him, unless he or his representative is unable to attend or he or his representative has been requested by the chairman of the meeting to withdraw therefrom.

Town clerk's duties.

Stadsklerk se pligte.

(4) Daar moet notule van die vergaderings van die raad of komitees van die raad gehou word, en die notules moet in boeke gebind word wat die stadsklerk vir daardie doel aanhou. Die notule van elke sodanige vergadering moet aan die eersvolgende gewone vergadering van die raad of komitee, na gelang, voorgelê word ter bekragtiging en ter ondertekening deur die voorsitter van sodanige vergadering, sowel as deur die stadsklerk, of, in sy afwesigheid, deur sy verteenwoordiger. Waar die notules op los blaaië aangeteken word en later in boekvorm gebind word, moet elke los blad deur die bogenoemde ondertekenaars onderteken word.

(5) Waar die stadsklerk of sy verteenwoordiger in die omstandighede wat subartikel (3) uiteensit, van 'n vergadering afwesig is, moet die voorsitter op daardie vergadering die besluite wat in die afwesigheid van die stadsklerk of sy verteenwoordiger geneem word, notuleer, en die notule by afloop van die vergadering of sodra daarna soos die stadsklerk of sy verteenwoordiger beskikbaar is, aan hom oorhandig. As die stadsklerk of sy verteenwoordiger op versoek van die voorsitter van 'n vergadering afwesig is, moet die voorsitter hierdie feit notuleer.

(6) Elke inskrywing in die notule van die raad of van 'n komitee daarvan, wat bekragtig en onderteken is soos hierdie artikel vereis, of enige gewaarmerkte afskrif daarvan of uittreksel daaruit, wat die burgemeester en die stadsklerk behoorlik as sodanig verklaar en onderteken het, word in alle geregshoue aanvaar as die amptelike notule van die raad of 'n komitee daarvan, en ten opsigte van alle sake in verband met 'n vergadering waarvan die vermelde notule na bewering 'n verslag is, word daar vermoed dat hulle behoorlik en reëlmatig geskied het, tensy die teenoorgestelde bewys word."

15. Artikel *eenhonderd een-en-vyftig* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Vergaderings van die raad.

151. Die raad hou so dikwels soos nodig, maar minstens elf keer per jaar bereken van die eerste dag van Januarie met tussenposes van hoogstens agt weke, gewone vergaderings vir die afhandeling van sy werksaamhede. Die burgemeester kan, en moet, op 'n skriftelike versoek, onderteken deur minstens een-derde van die raadslede, waarin die doel van so 'n vergadering genoem moet word, te eniger tyd 'n spesiale vergadering byeenroep."

16. Artikel *eenhonderd drie-en-vyftig* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Kworum.

153. Een helfte van die raadslede is 'n kworum, en by staking van stemme het die voorsitter benewens sy gewone stem ook 'n beslissende stem."

17. Artikel *eenhonderd ses-en-vyftig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die onderstaande voorbehoud aan die slot daarvan in te voeg:—

„Met dien verstande dat die raad, nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie artikel, 'n geldsake-komitee moet aanstel vir die reëling van, en die beheer oor, die geldsake van die raad."

18. Artikel *eenhonderd sewen-en-vyftig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die onderstaande woorde aan die slot daarvan in te voeg:—

„Sodanige raadgewers het egter geen stemreg nie."

19. Subartikel (1) van artikel *eenhonderd nege-en-vyftig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur —

(4) Minutes of the meetings of the council or committee of the council shall be drawn up and bound in books kept for that purpose by the town clerk. The minutes of each such meeting shall be submitted for confirmation at the next ordinary meeting of the council or committee, as the case may be, and for signature by the chairman of such meeting and also by the town clerk or in his absence by his representative. If the minutes are kept on loose leaves, to be later bound into book form, each loose leaf shall be signed by the abovementioned signatories.

(5) Where the town clerk or his representative is absent from a meeting in the circumstances set out in sub-section (3), the resolutions taken in the absence of the town clerk or his representative shall be minuted by the chairman of that meeting and he shall hand the minutes to the town clerk or his representative at the conclusion of the meeting or so soon after as the town clerk or his representative is available. If the town clerk or his representative is absent from a meeting at the request of the chairman this fact shall be minuted by the chairman.

(6) Every entry contained in the minutes of the council or any committee thereof confirmed and signed as in this section required, or any authenticated copy thereof or extract therefrom, duly signed and attested as such by the mayor and town clerk, shall be received in all courts of law as the official minutes of the council or any committee thereof, and all matters relating to any meeting of which the said minutes purport to be the record, shall be presumed to have been properly and regularly done, until the contrary is proved."

15. The following section is hereby substituted for section *one hundred and fifty-one* of the principal Ordinance:—

"Meetings of council.

151. The council shall hold an ordinary meeting for the dispatch of business as often as may be necessary but not less than eleven times a year, calculated from the first day of January, at intervals of not more than eight weeks. The mayor may, and in the event of a written request signed by at least one-third of the councillors, specifying the object of such meeting, shall call a special meeting at any time."

16. The following section is hereby substituted for section *one hundred and fifty-three* of the principal Ordinance:—

"Quorum.

153. One half of the councillors shall form a quorum and in the event of an equality of votes the chairman, in addition to his ordinary vote shall have a casting vote."

17. Section *one hundred and fifty-six* of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion of the following proviso at the end thereof:—

"Provided that notwithstanding anything to the contrary in this section contained the council shall appoint a finance committee for regulating and controlling the finances of the council."

18. Section *one hundred and fifty-seven* of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion of the following words at the end thereof:—

"Such advisers shall, however, have no vote."

19. Sub-section (1) of section *one hundred and fifty-nine* of the principal Ordinance is hereby amended by:—

- (a) die onderstaande paragraaf na paragraaf 17 in te voeg:—

„17bis. Die reëling, inspeksie en registrasie van, en die toesig en beheer oor, huurrytuie, en die voorskryf van standaarde en voorwaardes waaraan hulle moet voldoen; die reëlings van, toesig en beheer oor, en beperking op, die getal passasiers en die hoeveelheid bagasie wat sodanige rytuie kan vervoer, insluitende die reg om te onderskei tussen die verskeie soorte sodanige rytuie; die reëling van, en beperking en verbod op, die gebruik van sodanige rytuie deur verskillende rasse, insluitende die reg om te onderskei tussen die verskillende rasse wat deur verskillende tipes rytuie vervoer kan word; die reëling van, en beheer en toesig oor, die parkering van sodanige rytuie in parkeer- of ander gebiede wat die raad bepaal; die voorskryf van vereistes om te verseker dat sodanige rytuie skoon en in goeie werkende orde gehou word, en die opstel van regulasies om die verspreiding van besmetlike, aansteeklike of aanstootlike siektes deur sodanige rytuie te verhoed;

- (b) die onderstaande paragraaf na paragraaf 19 in te voeg:—

19bis. Wanneer die raad, na behoorlike ondersoek en by vertoning van 'n sertifikaat te dien effekte deur die stadsingenieur, gesondheidsinspekteur of 'n ander behoorlik gekwalifiseerde persoon, 'n gebou of perseel weens gebrekkige of ondoelmatige konstruksie, vervalte toestand, gebrek aan lig, lug of belugting, of om enige ander rede beskou as gevaarlik of nadelig vir die bewoners daarvan, of vir persone of ander geboue of persele in die buurt, die reg om die eienaar daarvan aan te sê om sodanige gebou te ontruim of te sluit, en, met die Administrateur se goedkeuring, om dit te sloop, of die nodige veranderings daaraan aan te bring, of sodanige gebou of perseel skoon te maak of te ontsmet. Versuim die eienaar om aan so 'n lasgewing te voldoen, kan die raad alle werk daaraan wat hy nodig ag uitvoer en die koste daarvan van die eienaar verhaal.”;

- (c) die onderstaande paragraaf na paragraaf 36 in te voeg:—

„36bis. Die instelling van behuisingskemas onderhewig aan die Administrateur se goedkeuring en aan die waarborge en voorwaardes wat hy goed vind. Sodanige behuisingskemas kan, onder andere, die aankoop, oprigting en instandhouding van woonhuise, die verhuur van sodanige huise teen gangbare huurgelde, die verkoop van sodanige huise teen pryse en op voorwaardes wat die Administrateur goedkeur, en die voorskiet van geld, met vaste eiendom as sekuriteit, aan persone wat in die munisipaliteit woon (insluitende werknemers van die raad) om grond in die munisipaliteit aan te skaf of huise daarin te bou, asook verbandhoudende sake insluit. Die bepalinge van artikel eenhonderd twee-en-sewentig geld nie 'n huurkontrak wat ingevolge die bepalinge van 'n goedgekeurde behuisingskema aangegaan is nie.

36ter. Die uitvoering of onderneming van enige werk of diens binne 'n munisipaliteit, wat nie spesiaal by hierdie Ordonnansie of enige ander wet gemagtig word nie, wat die Administrateur goedgekeur het omdat dit in die belang van die raad of van die inwoners van die munisipaliteit is, en die opstel van regulasies in verband daarmee.”;

- (d) die onderstaande paragraaf na paragraaf 37 in te voeg:—

„37bis. Die uitvoering, met die Administrateur se goedkeuring, van alle werksaamhede wat nodig of dienstig is ter behoorlike uitoefening of nakoming van die bevoegdhede en pligte wat by hierdie Ordonnansie toegelaat of opgelê word.”

20. Subartikels (2) en (3) van artikel eenhonderdeen-sestig van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande subartikels:—

„(2) Nadat die raad 'n besluit vir die uitvaardiging van 'n regulasie aangeneem het, moet 'n afskrif van so 'n regulasie in die kantoor van die

- (a) the insertion of the following paragraph after paragraph 17:—

“17bis. The regulation, inspection, registration, supervision and control of vehicles plying for hire and the prescribing of standards and conditions to which they must conform; the regulation, supervision, control and limitation of the number of passengers and amount of luggage to be conveyed by such vehicles, including the right to differentiate between various kinds of such vehicles; the regulation, limitation and the prohibition of the use of such vehicles by different races, including the right to differentiate between the various races which different types of such vehicles may carry; the regulation control and supervision of the parking of such vehicles in parking areas or areas defined by the council; the prescribing of requirements for ensuring that such vehicles are kept clean and in good running order and the making of regulations for preventing the spreading of contagious, infectious or obnoxious diseases by means of such vehicles.”

- (b) the insertion of the following paragraph after paragraph 19:—

“19bis. The right where any buildings or premises are, in consequence of defective or unsuitable construction, bad state of repair, want of light, air, or ventilation or any other reason considered by the council after due investigation and upon production of a certificate to that effect by the town engineer, health inspector or some other suitably qualified person to be dangerous or injurious to the inhabitants thereof or to persons or other buildings or premises in the neighbourhood, to require the owner to vacate, or close, and with the approval of the Administrator, to demolish such building or premises, or to carry out such alterations as may be necessary or to cleanse or disinfect such building or premises. Upon failure by the owner so to do the council may carry out such work as it considers necessary and recover the cost thereof from the owner.”

- (c) the insertion of the following paragraphs after paragraph 36:—

“36bis. The provision of housing schemes subject to these being approved of by the Administrator and subject to such safeguards and conditions as he may deem fit. Such schemes may *inter alia* include the purchase, erection and maintenance of dwelling houses, the lease of such houses at current rentals, the sale of such dwellings at prices and conditions approved of by the Administrator, and the making of advances of money on the security of immovable property for the purpose of persons living in the municipality (including employees of the council) acquiring land or building houses in the municipality and for matters incidental thereto. The provisions of section one hundred and seventy-two shall not apply to any lease entered into under the provisions of an approved housing scheme.

36ter. The carrying on or undertaking of any work or service within a municipality, not specially authorised by this Ordinance or any other law, which the Administrator has approved of as being in the interest of the council or the inhabitants of the municipality, and the making of regulations in connection therewith.”;

- (d) the insertion of the following paragraph after paragraph 37:—

“37bis. The doing with the approval of the Administrator of all things necessary or expedient for the proper carrying out of the powers and duties imposed by or permitted under this Ordinance.”

20. The following sub-sections are hereby substituted for sub-sections (2) and (3) of section one hundred and sixty of the principal Ordinance:—

“(2) After any resolution for passing any regulation has been agreed to by the council, a copy of such regulation shall be deposited at the office of

stadsklerk ingelewer word, alwaar dit veertien dae lank en te alle redelike tye ter insae van enigeen moet lê, en moet daar 'n kennisgewing geplaas word in 'n nuusblad wat algemeen in die munisipaliteit omloop, asook aangeplak word op die plek of plekke in die munisipaliteit wat die raad bepaal, waarin die algemene strekking van die beoogde regulasie uiteengesit word, en waarin vermeld word dat 'n afskrif daaraan soos voormeld ter insae lê.

(3) Enigeen wat meen dat sy of die algemene publiek se belange nadelig beïnvloed sal word deur so 'n regulasie, kan binne die voormelde tydperk 'n skriftelike beswaar teen die beoogde regulasie by die stadsklerk indien. As die stadsklerk by verstryking van die voormelde tydperk nog geen besware ontvang het nie, moet die beoogde regulasie onmiddellik aan die Administrateur voorgelê word vir sy goedkeuring, wysiging of ander besluit; as daar egter wel besware ontvang word, moet hulle aan die raad voorgelê word vir oorweging, en dan saam met die beoogde regulasie en die raad se kommentaar, as hy kommentaar gelewer het, aan die Administrateur voorgelê word vir sy goedkeuring van die regulasie of enige ander besluit. As die regulasie goedgekeur word, moet dit in die *Offisiële Koerant* gepubliseer word, en daarop het sodanige regulasie regsrag in die munisipaliteit, en is dit nie bloot weens die feit dat die formaliteite wat by subartikel (2) hiervan uiteengesit is, nie in elke besonderheid nagekom is nie ongeldig nie, tensy daar tot oortuiging van 'n bevoegde hof bewys word dat werklike en wesenlike nadeel gely is weens die nie-nakoming van sodanige formaliteite: Met dien verstande dat waar so 'n regulasie in sy aard verdeelbaar is, die Administrateur 'n deel daarvan kan goedkeur, en sy goedkeuring van 'n deel daarvan kan weerhou of dit wysig."

20bis. Die onderstaande artikel word hierby ingevoeg na artikel *eenhonderd-en-sestig* van die hoofordonnansie:—

„Raad moet regulasies toevas.

160bis. Die raad is verplig om binne die munisipaliteit alle regulasies wat ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie of enige ander wet uitgevaardig is, toe te pas."

21. Artikel *eenhonderd drie-en-sestig* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Geldtoekennings ten behoeve van liefdadigheid en openbare belange, ens.

163. (1) Die raad kan in sy jaarlikse begroting voorsiening maak vir geldtoekennings aan enige persoon, vereniging of groep persone wat binne die munisipaliteit liefdadigheidsbelange, openbare belange, openbare welsyn, sport en sportbelange, opvoedkundige werksaamhede en vierings van 'n volksaard bevorder of daarby behulpsaam is.

(2) Die raad kan van tyd tot tyd aan enige persoon, vereniging of groep persone wat in sub-artikel (1) genoem word, enige munisipale diens gratis of teen 'n verminderde tarief lewer, mits die waarde van sodanige dienste verreken word teen die voorsiening wat in sub-artikel (1) genoem word."

22. Artikel *eenhonderd vier-en-sestig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woord „pleine" in sub-paragraaf (i) die onderstaande woorde in te voeg:—

„of 'n kaart wat 'n pad, straat of plein voorstel wat geheg is aan 'n transportakte wat sodanige pad, straat of plein of deel daarvan aan 'n raad oordra uit hoofde van 'n onderverdeling van eienendom."

